

**DIE ROL VAN DIE DOEL VAN 'N LENING EN DIE EFFEK VAN  
DIE VERANDERING DAARVAN OP DIE AFTREKBAARHEID  
VAN RENTE VIR INKOMSTEBELASTINGDOELEINDES**

deur

LIEZEL COETZEE

WERKSTUK

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

M REK (BELASTING)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STUDIELEIER: MNR DP VAN DYK

APRIL 2004

UNIV.STELLENBOSCH




300 783 4322

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Liezel Coetsee, dat hierdie werkstuk my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel, of gedeeltelik, by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.

L Coetsee



Desember 2003

## **DIE ROL VAN DIE DOEL VAN 'N LENING EN DIE EFFEK VAN DIE VERANDERING DAARVAN OP DIE AFTREKBAARHEID VAN RENTE VIR INKOMSTEBELASTINGDOELEINDES**

Soos enige ander uitgawe, word rente uitgawes se aftrekbaarheid bepaal deur dit te onderwerp aan die toets soos neergelê in die algemene aftrekkingsformule, vervat in artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(f) en 23(g) van die Inkomstebelastingwet, asook die spesiale aftrekkings wat op rente van toepassing is. In hierdie studie word slegs op die algemene aftrekkingsformule, vervat in artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(f) en 23(g) van die Inkomstebelastingwet gekonsentreer.

Die algemene toets volgens artikel 11(a) wat deur die howe neergelê is om te bepaal of 'n uitgawe aangegaan in 'n bedryf aftrekbaar is, is om eerstens te bepaal of die handeling waaraan die uitgawe verbind is by die voortbrenging van inkomste aangegaan is en tweedens of die uitgawe wat aangegaan is nou genoeg verwant is aan die bedryf sodat dit as deel van die koste beskou kan word om die bedryf te beoefen.

Die howe het verskeie faktore oorweeg om te bepaal of die aftrekbaarheid van rente uitgawes voldoen aan die statutêre vereistes soos bepaal deur artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(f) en 23(g) van die Inkomstebelastingwet. Daar blyk een toets te wees wat op die meeste statutêre vereistes toegepas kan word en wat ook as die bepalende faktor beskou kan word om die aftrekbaarheid van rente uitgawes te beoordeel en dit is die oorspronklike doel waarmee die lening aangegaan is wat die rente uitgawe tot gevolg het.

In hierdie studie word eerstens ondersoek ingestel na die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of 'n rente uitgawe aan die vereistes, soos uiteengesit in die inleiding van artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(f) en 23(g), voldoen met spesifieke verwysing na die doel waarmee 'n lening

## **THE ROLE OF THE PURPOSE OF A LOAN AND THE EFFECT OF THE CHANGE IN THE PURPOSE ON THE DEDUCTIBILITY OF INTEREST FOR INCOME TAX PURPOSES**


Like any other item of expenditure, interest expenditure's deductibility is determined by subjecting it to the tests laid down in the general deduction formula contained in section 11(a), together with section 23(f) and 23(g) of the Income Tax Act, as well as the special deductions applicable to interest. In this study there will be only concentrated on the tests laid down in the general deduction formula contained in section 11(a), together with section 23(f) and 23(g) of the Income Tax Act.

The general test according to section 11(a) as laid down by the courts to ascertain if an expense incurred in trade is deductible, is firstly to ascertain the act entailing the expenditure. If it is performed for the purpose of earning income, the expenditure attendant upon is deductible. Secondly, the closeness of the connection between the expenditure incurred and the trade must be ascertained. If the expense incurred is so closely connected with the business operation that it may be regarded as part of the cost of performing it, the expenditure will be deductible.

The courts have considered many factors to ascertain if interest expenditure complies with the statutory requirements as set out in section 11(a), read together with section 23(f) and 23(g) of the Income Tax Act. There seems to be one test which can be applied to most of the statutory requirements and can be seen as the conclusive factor in determining the deductibility of interest expenses and that is the test of the original purpose of the loan that leads to the interest expense.

Firstly in this study, the factors considered by the courts to ascertain if the deductibility of an interest expenditure complies with the statutory requirements as set out in the introduction of section 11(a), together with


section 23(f) and 23(g), will be examined with specific reference to the purpose of the loan. Then the possibility of a change in the original purpose of a loan and the effect on the deductibility of an interest expenditure will be examined.



## BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- (a) Die Here, met wie se genade en krag ek die studie kon voltooi het.
- (b) My studieleier, mnr. Danie van Dyk, vir sy leiding in hierdie studie.
- (c) Gert vir al sy opofferinge gedurende my studies die afgelope 2 jaar.



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	2
1.2	DIE ONDERWERP VAN DIE STUDIE	6
1.3	MOTIVERING VIR DIE STUDIE	6
1.4	NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VIR DIE STUDIE	7
1.4.1	Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen	7
1.4.2	Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is	8
1.4.3	Die howe se toets van die doel van 'n lening soos wat dit op verskillende scenario's toegepas word	8
1.4.4	Verandering in die doel van 'n lening en die effek op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes	8
1.4.5	Samevatting en gevolgtrekking	8

### HOOFSTUK 2: DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG OM TE BEPAAL OF 'N BELASTINGPLIGTIGE 'N BEDRYF BEOEFEN

2.1	INLEIDING	10
2.2	DIE BEOEFENING VAN 'N BEDRYF IN ANDER KONTEKSTE	13
2.2.1	Verhuring van eiendom	13
2.2.2	Besigheid van geldskierter	14
2.2.3	<i>Mora</i> rente	15
2.3	DIE BEGIN VAN 'N BEDRYF	16
2.4	DIE STAKING VAN 'N BEDRYF	17
2.4.1	Die kontinuïteitsbeginsel	17
2.4.2	Beperkings op die kontinuïteitsbeginsel	18
2.4.3	Die realiteit van die kontinuïteitsbeginsel	19
2.4.4	Wanneer die uitgawes aangegaan is	19
2.5	GEVOLGTREKKING	23

**HOOFSTUK 3: DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG  
OM TE BEPAAL OF RENTE UITGAWES BY DIE  
VOORTBRENGING VAN INKOMSTE AANGEGAAN IS**

3.1	INLEIDING	27
3.2	DIE TOETS VAN DIE DOEL VAN UITGAWES	27
3.3	TOEDELING VAN UITGAWES	29
3.3.1	Agtergrond van toedeling van uitgawes	29
3.3.2	Toedeling van rente uitgawes	31
3.3.3	Gevolgtrekking oor die toedeling van rente uitgawes	34
3.4	GEVOLGTREKKING	35

**HOOFSTUK 4: DIE HOWE SE TOETS VAN DIE DOEL VAN  
'N LENING SOOS WAT DIT OP VERSKILLENDE  
SCENARIO'S TOEGEPAS WORD**

4.1	INLEIDING	38
4.2	LENINGS VIR ALGEMENE BEDRYFSDOELEINDES AANGEGAAN	38
4.3	LENING AANGEGAAN MET DIE DOEL OM AANDELE IN 'N MAATSKAPPY OF 'N BELANG IN 'N BESLOTE KORPORASIE TE BEKOM	41
4.4	LENINGS IN VERBAND MET LEDE SE LENINGSREKENINGS AANGEGAAN	47
4.5	LENINGS VIR PRIVAATDOELEINDES AANGEGAAN	51
4.6	GEVOLGTREKKING	55




**HOOFSTUK 5: VERANDERING IN DIE DOEL VAN 'N  
LENING EN DIE EFFEK OP DIE AFTREKBAARHEID VAN  
RENTE VIR INKOMSTEBELASTINGDOELEINDES**

5.1	INLEIDING	59
5.2	SAKE WAAR DAAR 'N VERANDERING IN DIE OORSPRONKLIKE DOEL VAN DIE LENING EN 'N VERANDERING IN AANWENDING VAN DIE LENING WAS	60
5.3	GEVOLGTREKKING	62

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

6.1	INLEIDING	65
6.2	OPSOMMING VAN GEVOLGTREKKINGS	65
6.3	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	67

<b>BRONNELYS</b>		69
------------------	--	----



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

1.1	AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	2
1.2	DIE ONDERWERP VAN DIE STUDIE	6
1.3	MOTIVERING VIR DIE STUDIE	6
1.4	NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VIR DIE STUDIE	7
1.4.1	Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen	7
1.4.2	Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is	8
1.4.3	Die howe se toets van die doel van 'n lening soos wat dit op verskillende scenario's toegepas word	8
1.4.4	Verandering in die doel van 'n lening en die effek op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes	8
1.4.5	Samevatting en gevolgtrekking	8

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Rente kan omskryf word as die vergoeding wat betaal word vir die gebruik van geld, gelykstaande aan huur (*CIR v Genn & Co (Pty) Ltd* (1955)), of as die krediteur se deel van wins wat deur die lener of debiteur geag word om gemaak te gewees het vir die gebruik van die geld (*Schulze v SW Bensted (Surveyor of Taxes)* (1915)).

Soos enige ander uitgawe, word rente uitgawes se aftrekbaarheid bepaal deur dit te onderwerp aan die toetse soos neergelê in die algemene aftrekkingsformule (artikel 11(a)) van die Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962 (hierna in hierdie studie “die Inkomstebelastingwet” genoem), asook die spesiale aftrekkings wat op rente van toepassing is. In hierdie studie word slegs op die algemene aftrekkingsformule, vervat in artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(f) en 23(g) van die Inkomstebelastingwet gekonsentreer. Verwys na paragraaf 1.2 waarmee die studie uitdruklik nie handel nie.

Die algemene aftrekkingsformule, vervat in artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet, bepaal dat by die vasstelling van die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van sy bedryf, word daar as aftrekking van so 'n persoon se verkreë inkomste toegelaat onkoste en verliese werklik in die Republiek aangegaan of gely by die voortbrenging van inkomste, mits sodanige onkoste en verliese nie van 'n kapitale aard is nie. Die howe lees artikel 11(a), artikel 23(g) en artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet saam (byvoorbeeld *Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936)). Ingevolge artikel 23(g) sal geen aftrekking toegestaan word vir sover die geld nie vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee is nie en ingevolge artikel 23(f) sal geen aftrekking toegestaan word vir sover onkoste aangegaan is ten opsigte van bedrae ontvang of toegeval wat nie inkomste is

soos in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet omskryf nie. Inkomste ingevolge artikel 1 van die Inkomstebelastingwet word omskryf as bruto inkomste min vrygestelde inkomste (vrygestelde inkomste word in artikel 10 van die Inkomstebelastingwet omskryf).

Die algemene toets wat deur die hof neergelê is (*Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936)) om te bepaal of 'n uitgawe (dus ook 'n rente uitgawe) wat in 'n bedryf aangegaan is aftrekbaar sal wees, is 'n tweeledige toets, naamlik:

- (a) of die handeling waaraan die uitgawe verbind is, by die voortbrenging van inkomste aangegaan is; en
- (b) of die uitgawe wat aangegaan is nou genoeg verwant is aan die bedryf sodat dit as deel van die koste om die bedryf te beoefen, beskou kan word.

Die volgende statutêre vereistes van artikels 11(a), 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet, gee gewoonlik aanleiding tot litigasie aangaande die aftrekbaarheid van rente (Tager, 1976: 12):

- (a) die belastingpligtige moet 'n bedryf beoefen;
- (b) die rente uitgawe moet by die voortbrenging van inkomste aangegaan word;
- (c) die rente uitgawe moet werklik gedurende die jaar van aanslag aangegaan word; en
- (d) die rente uitgawe moet van 'n nie-kapitale aard wees.

Die hof het verskeie faktore oorweeg om te bepaal of die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe voldoen aan die statutêre vereistes (soos hierbo uiteengesit). Daar blyk een toets te wees wat op die meeste van die statutêre vereistes (soos hierbo uiteengesit) toegepas kan word en wat ook as die bepalende faktor beskou kan word om die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe te beoordeel, naamlik die doel ("purpose") van 'n lening (Tager, 1976: 13).

Artikel 23(g) van die Inkomstebelastingwet het, voordat dit in 1992 gewysig is,

die aftrekking van 'n uitgawe wat nie geheel en al of uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes aangegaan is nie, verbied. Geen voorsiening is gemaak vir die situasie waar uitgawes gedeeltelik vir bedryfsdoeleindes aangegaan is nie en sulke uitgawes is gevolglik in sy geheel as 'n aftrekking geweier. Hierdie probleem het sterk na vore gekom in 'n Appèlhof-saak (*Solaglass Finance Company (Pty) Ltd v CIR* (1991)) waarin die hof beslis het dat 'n verlies gelyk as gevolg van 'n leningskuld van 'n mede-filiaal wat oninbaar geword het, nie aftrekbaar is nie, aangesien die lening met gemengde bedoelings gemaak is, naamlik die beoefening van 'n geldskietersbesigheid (bedryf) asook om die groep te bevoordeel (nie-bedryf). Vanweë die nie-bedryfselement, was die verlies nie geheel en uitsluitlik vir die doeleindes van die bedryf aangegaan nie en was dit gevolglik nie aftrekbaar nie. Die artikel is in 1992 gewysig en maak nou voorsiening vir 'n toedeling in gevalle waar uitgawes vir beide bedryfs- en nie-bedryfsdoeleindes aangegaan word.

Artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet laat die toedeling van uitgawes toe tussen nie-aftrekbaar en aftrekbaar wat onderskeidelik belastingvrye inkomste en belasbare inkomste voortbring.

Om te bepaal of rente uitgawes deur die belastingpligtige in sy bedryf aangegaan aftrekbaar is in terme van artikel 11(a), 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet, moet 'n onderskeid getref word waar die belastingpligtige 'n spesifieke bedrag geld leen en dit vir 'n identifiseerbare doel aanwend, en waar 'n belastingpligtige 'n bedrag geld in die algemeen en op groot skaal leen om as bedryfskapitaal in sy bedryf aan te wend. In die eerste geval is beide die doel van die lening en wat dit werklik tot stand bring duidelik identifiseerbaar (*CIR v Standard Bank of South Africa Ltd* (1985)). Daar is dus 'n duidelike en noue kousale verband, wat beteken dat beide faktore (die doel van die lening en wat dit werklik tot stand bring) belangrik is ten einde vas te stel of die rente uitgawe aftrekbaar is al dan nie. In die tweede geval is daar sekere faktore wat verhoed dat die direkte verband tussen dit wat deur die geleende geld tot stand gebring is en die geleende geld self, geïdentifiseer kan word en derhalwe kan daar nie gesê word dat die

onkoste aangegaan is ten einde iets spesifiek tot stand te bring nie. Al wat gesê kan word is dat die rente uitgawe aangegaan is om die bedryf in die algemeen van bedryfskapitaal te voorsien. Hier kan dus nie net gekyk word na dit wat die lening uiteindelik tot stand bring nie (dit word nie as die bepalende faktor beskou nie), maar die doel van die lening word as die bepalende faktor beskou (*CIR v Allied Building Society* (1963)).

Dit blyk dat dit die praktyk van die Ontvanger van Inkomste is, om in die gevalle waar 'n lening in die algemeen vir bedryfsdoeleindes (en 'n spesifieke doel nie geïdentifiseer kan word nie) aangegaan is, nie die aftrekking van rente toe staan nie in die geval waar die belastingpligtige sy geleende fondse by die voortbrenging van belastingvrye of nie-belasbare inkomste aangewend het. Die Ontvanger maak gebruik van die toedeling tussen aftrekbare rente uitgawes en nie-aftrekbare rente uitgawes wat in artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet voorgestel word.

Hierdie praktyk is egter nie gegrond as na die bestaande regspraak gekyk word nie (De Koker, 2003: 7.34). Die bestaande regspraak bepaal dat rente uitgawes wat aangegaan is om geld te bekom wat in die algemeen in die bedryf aangewend word, nie tussen aftrekbaar en nie-aftrekbaar toegedeel hoef te word nie, aangesien die oorspronklike doel van die lening die bepalende faktor by die aftrekbaarheid van die rente uitgawe is en nie wat die lening uiteindelik tot stand bring nie. Die volle rente uitgawe sal dus, volgens regspraak, aftrekbaar wees as die oorspronklike doel van die lening is om inkomste voort te bring (*CIR v Allied Building Society* (1963)).

Na aanleiding van bostaande ontstaan die vraag dus: Watter faktore kan daartoe aanleiding gee dat die oorspronklike doel van 'n lening kan verander en wat sal die effek van die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes wees?

## 1.2 DIE ONDERWERP VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is eerstens om ondersoek in te stel na hoe die howe die toets van die doel van 'n lening gebruik om vas te stel of die aftrekbaarheid van rente aan die statutêre vereistes, soos uiteengesit in die Inkomstebelastingwet, voldoen. Vervolgens sal ondersoek ingestel word na welke faktore die howe oorweeg om te bepaal of daar 'n verandering in die doel van 'n lening ingetree het en die effek wat die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes kan hê.

Hierdie doel word bereik deur:

- (a) ondersoek in te stel na die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of die belastingpligtige 'n bedryf beoefen;
- (b) ondersoek in te stel na die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of die rente uitgawe van die lening by die voortbrenging van inkomste aangegaan is; en
- (c) die effek wat die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes het, te oorweeg deur toepaslike regspraak te ondersoek.

Hierdie studie handel nie met die volgende nie:

- (a) Die statutêre vereiste dat rente uitgawes werklik aangegaan moet wees gedurende die jaar van aanslag;
- (b) Die statutêre vereiste dat rente uitgawes nie van kapitale aard moet wees nie; en
- (c) Artikel 11(bA); artikel 11(bB) en artikel 24J van die Inkomstebelastingwet wat bepalings bevat wat spesifiek oor rente uitgawes handel.


## 1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Waar fondse geleen is vir besigheidsdoeleindes in die algemeen en waar

daar nie 'n identifiseerbare band bestaan tussen die fondse wat geleen is en die fondse wat aangewend is by die voortbrenging van belastingvrye of nie-belasbare inkomste nie, is die oorspronklike doel van die lening die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te beoordeel (De Koker, 2003: 7.34).

Die oorspronklike doel van 'n lening sal bly voortbestaan as die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van rente te bepaal, behalwe as daar 'n definitiewe aanduiding is dat die verband tussen die oorspronklike lening en die manier waarop die fondse aangewend is, verbreek is (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).

Die studie het eerstens ten doel om ondersoek in te stel na hoe die howe die toets van die doel van 'n lening gebruik om vas te stel of die aftrekbaarheid van rente aan die statutêre vereistes, soos uiteengesit in die Inkomstebelastingwet, voldoen. Vervolgens sal ondersoek ingestel word na welke faktore die howe oorweeg om te bepaal of daar 'n verandering in die doel van 'n lening ingetree het en die effek wat die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes kan hê.



## **1.4 NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE**

Die navorsing behels hoofsaaklik 'n literatuurstudie. Vir hierdie doeleindes word daar van relevante wetgewing, regspraak en menings van erkende regs- en belastingkundiges gebruik gemaak. Die raamwerk word hieronder uiteengesit en gee 'n gestruktureerde indeling, volgens hoofstukke, van die onderwerp van die studie.

### **1.4.1 Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen**

In Hoofstuk 2 word 'n uiteensetting verstrekkend van watter faktore die howe oorweeg om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen. Daar sal



spesifiek verwys word na hoe die toets van die doel van 'n lening gebruik word om vas te stel of dit in die belastingpligtige se bedryf aangewend is.

#### **1.4.2 Die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is**

In Hoofstuk 3 word 'n uiteensetting verstrekkend van watter faktore die howe oorweeg om te bepaal of rente uitgawes deur die belastingpligtige by die voortbrenging van inkomste aangegaan is. Daar sal spesifiek verwys word na hoe die toets van die doel van 'n lening gebruik word om te bepaal of die rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is. In hierdie hoofstuk sal daar ook verwys word na artikel 23(f) en artikel 23(g) van die Inkomstebelastingwet en hoe die toedeling tussen aftrekbare en nie-aftrekbare rente uitgawes gemaak word.

#### **1.4.3 Die howe se toets van die doel van 'n lening soos wat dit op verskillende scenario's toegepas word**

In Hoofstuk 4 sal 'n aantal scenario's van verskillende doeleindes waarvoor lenings aangegaan word oorweeg word en die howe se beslissings in verband met elke scenario sal beoordeel word.

#### **1.4.4 Verandering in die doel van 'n lening en die effek op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes**

In Hoofstuk 5 sal die howe se beslissings met betrekking tot die verandering in die doel van 'n lening ondersoek word. Daar sal spesifiek ondersoek ingestel word na die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal of daar 'n verandering in die doel van 'n lening is en hoe die verandering in die doel van 'n lening die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes beïnvloed.

#### **1.4.5 Samevatting en gevolgtrekking**

In Hoofstuk 6 word die samevatting van die studie, asook die gevolgtrekking waartoe die skrywer ten opsigte van die probleemstelling gekom het, verstrekkend.

## HOOFSTUK 2

### DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG OM TE BEPAAL OF 'N BELASTINGPLIGTIGE 'N BEDRYF BEOEFEN

2.1	INLEIDING	10
2.2	DIE BEOEFENING VAN 'N BEDRYF IN ANDER KONTEKSTE	13
2.2.1	Verhuring van eiendom	13
2.2.2	Besigheid van geldskieder	14
2.2.3	<i>Mora rente</i>	15
2.3	DIE BEGIN VAN 'N BEDRYF	16
2.4	DIE STAKING VAN 'N BEDRYF	17
2.4.1	Die kontinuïteitsbeginsel	17
2.4.2	Beperkings op die kontinuïteitsbeginsel	18
2.4.3	Die realiteit van die kontinuïteitsbeginsel	19
2.4.4	Wanneer die uitgawes aangegaan is	19
2.5	GEVOLGTREKKING	23



## HOOFSTUK 2

### DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG OM TE BEPAAL OF 'N BELASTINGPLIGTIGE 'N BEDRYF BEOEFEN

#### 2.1 INLEIDING

As die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe, in terme van die aftrekkingsformule soos vervat in artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet, ondersoek word, is die beoefening van 'n bedryf die eerste vereiste waaraan voldoen moet word.

Die omskrywing van “bedryf” in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, sluit in elke professie, handelsaak, besigheid, diens, beroep, vak of onderneming, met inbegrip van die verhuur van goed en die gebruik of die verleen van toestemming tot die gebruik van 'n patent, model, handelsmerk, outeursreg of van enige ander goed wat van derglike aard is.



Bogenoemde omskrywing is nie alomvattend nie. 'n Objektiewe toets moet toegepas word om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen het (*CIR v Stott* (1928)) en die woorde “bedryf”, “besigheid”, “beroep” of “onderneming” is bedoel om enige winsgewende aktiwiteit in te sluit en moet die wydste moontlike betekenis gegee word (*ITC 770* (1953)).

Dit is duidelik dat “bedryf”, soos omskryf, 'n wye spektrum aktiwiteite insluit, maar dat sommige aktiwiteite wel buite die omvang van die omskrywing val. Die mees algemene hiervan is beleggings wat in dividende en rentedraende effekte gemaak word deur persone behalwe aandeelhandelaars en geldskieters (Huxham & Haupt, 2003: 53).

Die Ontvanger van Inkomste se benadering om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen het ten opsigte van die verdien van rente,

word in Praktyknota 31 uiteengesit. Die praktyknota maak voorsiening vir twee verskillende situasies:

- (a) rente betaal op fondse geleen met die doel om die fondse teen 'n hoër rentekoers uit te leen sal 'n toelaatbare aftrekking teen die rente ontvang uitmaak op grond van die feit dat hierdie aktiwiteit 'n winsmakende onderneming is;
- (b) 'n persoon, wat nie 'n geldskietter is nie, wat rente verdien op kapitaal of surplusfondse belê, beoefen nie 'n bedryf nie en enige uitgawes aangegaan by die voortbrenging van sodanige rente sal nie as 'n aftrekking toegelaat kan word nie. Dit is nietemin die praktyk van die Ontvanger van Inkomste om uitgawes wat aangegaan is by die voortbrenging van die rente tot die mate dat dit nie sodanige inkomste oorskry nie, as aftrekking toe te laat.

Die praktyknota gaan voort om te sê dat daar streng volgens die Inkomstebelastingwet geen regverdiging vir sodanige aftrekking bestaan nie, maar dat dié praktyk so deur die Ontvanger van Inkomste toegepas sal word.

In *ITC 1675* (1998) het die belastingpligtige gepoog om die rente uitgawe aangegaan op 'n lening wat gebruik is om 'n belegging te finansier wat rente inkomste sou voortbring, af te trek. Die belegging het om een of ander rede nooit inkomste voortgebring nie en daarom het die hof beslis dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie. 'n Interessante aspek van hierdie saak is die Ontvanger van Inkomste se argument dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie, omdat die belastingpligtige nie 'n bedryf beoefen het nie, alhoewel die geld wat geleen is, aangewend is om rente te verdien. Die hof hoef nie op hierdie punt 'n beslissing te maak nie, maar dit dien as waarskuwing dat die Ontvanger van Inkomste nie homself noodwendig aan sy eie praktyknotas verbonde hou nie (De Koker, 2003: 7.2).

Die begrip “bedryf” veronderstel 'n aktiewe beroep in teenstelling met die passiewe verdien van beleggingsinkomste. Daar moet egter op gelet word dat, alhoewel inkomste verkry uit die verhuur van eiendom nie 'n aktiewe betrokkenheid aan die kant van die verhuurder vereis nie, die verhuur van

eiendom spesifiek by die omskrywing van “bedryf” ingesluit word. Dit is ook die geval waar inkomste uit die gebruik van patente, handelsmerke of outeursregte verdien word en wat geag word inkomste uit 'n bedryf te wees (Huxham & Haupt, 2003: 53).

In *Burgess v CIR* (1993) het die hof beslis dat selfs al is 'n belastingpligtige se enigste doel in die beoefening van sy bedryf om 'n belastingvoordeel te bekom, hy nog steeds 'n bedryf sal beoefen as objektiewe faktore (byvoorbeeld indien 'n persoon se tyd, aandag en arbeid in beslag geneem word met die doel om 'n wins te maak) bedryfsaktiwiteite aandui. Hierdie geval moet egter onderskei word van die geval waar die belastingvoordeel so 'n groot rol speel dat daar nie meer gesê kan word dat 'n bedryf beoefen word nie (De Koker, 2003: 7.2).

'n Persoon wat 'n besigheid beoefen, sal dus in terme van die omskrywing van die Inkomstebelastingwet 'n bedryf beoefen. Die term “besigheid” is omskryf as enige iets wat die tyd, aandag en arbeid van 'n persoon in beslag neem met die doel om 'n wins te maak (*Smith v Anderson* (1880)). As dit die korrekte omskrywing van die beoefening van 'n bedryf is, sal 'n persoon wat nie wins maak uit die beoefening van sy bedryf nie, nie vir 'n aftrekking kwalifiseer nie. Daar is egter hofspraak wat bevestig dat die maak van 'n wins nie die essensiële kenmerk van die beoefening van 'n bedryf is nie (byvoorbeeld *COT v BSA Co Investments Ltd* (1966)). *ITC 697* (1950) ondersteun die siening dat as 'n besigheid beoefen word met die doel om inkomste voort te bring, kan daar gesê word dat 'n bedryf beoefen word. Die saak het verder gegaan en gesê dat die blote feit dat 'n besigheid misluk het om inkomste voort te bring niks te doen het met die vraag of sekere uitgawes aangegaan is in die poging om inkomste voort te bring nie. Uit bogenoemde blyk dit dus dat die objektiewe ondersoek ontoereikend kan wees as bloot die beoefening van 'n bedryf beoordeel word en dat eerder na die belastingpligtige se doel met die beoefening van 'n bedryf gekyk moet word. Die afwesigheid van die bedoeling om inkomste voort te bring, mag dui op geen bedoeling om 'n bedryf te beoefen nie (Tager, 1976: 14).

Daar is drie hofsake wat hierdie punt illustreer. In *ITC 112* (1928) was die belastingpligtige 'n privaatmaatskappy wat, onder meer, die bedryf van die uitleen van geld beoefen het. Die maatskappy het 'n verband laat registreer oor 'n huur-produuserende bate teen 'n koers van ses persent per jaar en die geld wat deur die verband verkry is aan sy aandeelhouders teen een persent per jaar, sonder sekuriteit, geleen. Die lening was slegs terugbetaalbaar deur 'n eenparige besluit van die direkteure van die maatskappy. Die hof het beslis dat die rente wat die maatskappy op die verband betaal het, nie aftrekbaar is nie, omdat die transaksie alleen 'n verlies voortgebring het en die maatskappy dus nie 'n *bona fide* bedryf beoefen het nie. Dieselfde gevolgtrekking is gemaak in *ITC 224* (1931) waar 'n maatskappy geld geleen het teen 'n rentekoers en dit toe weer aan sy aandeelhouders teen geen rentekoers geleen het. Die hof het beslis dat die doel van die lening duidelik nie was om die maatskappy se besigheid te bevorder nie, maar om finansiële bystand aan sy aandeelhouders te verleen. Die aftrekking van die rente uitgawe is dus nie toegestaan nie. In *ITC 352* (1936) het die hof nie die aftrekking van 'n rente uitgawe, aangegaan deur 'n maatskappy om 'n blok woonstelle vir sy aandeelhouders op te rig, toegestaan nie, omdat die maatskappy geen doel gehad het om 'n wins te maak en sy besigheid te bevorder nie.

Om dus te kwalifiseer vir 'n aftrekking van 'n rente uitgawe, moet die rente uitgawe aangegaan word in die gewone loop van die belastingpligtige se bedryf en nie vir die doel om iemand anders te bevoordeel of vir 'n ander doel nie (Tager, 1976: 14).

## **2.2 DIE BEOEFENING VAN 'N BEDRYF IN ANDER KONTEKSTE**

### **2.2.1 Verhuring van eiendom**

Die omskrywing van "bedryf" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, sluit die verhuring van eiendom in. Dit mag dus wees dat 'n enkele transaksie van verhuring binne die omskrywing val. Dit beteken egter nie dat uitgawes wat

betrekking het op enige transaksie wat te doen het met die verhuring van eiendom as 'n aftrekking sal kwalifiseer nie (Tager, 1976: 15).

Daar is hofsake wat gehandel het oor die verhuring van eiendom waar die aftrekking van uitgawes nie toegelaat is nie. In *ITC 881* (1959) was die belastingpligtige 'n maatskappy wat 'n huis en ander belange besit het. Die huis is verhuur aan die maatskappy se aandeelhouders wat dit as 'n privaatwoning aangewend het. Die aftrekking van die rente uitgawe op die verbandlening oor die huis, asook ander uitgawes wat met die huis verband gehou het, is nie toegelaat nie, omdat dit baie twyfelagtig was of die maatskappy inkomste uit die verhuring van sy eiendom ontvang het. Die huur wat gevra is vir die huis was nie realisties met betrekking tot die belegging wat die maatskappy in die huis gemaak het nie.

'n Ander area van gevaar is as die verhuring van eiendom bloot toevallig is tot die bedryf wat bedoel word om deur die belastingpligtige beoefen te gewees het. In *Reef Estates v CIR* (1954) het die belastingpligtige 'n verhuringsbedryf beoefen en onbeboude eiendom, waarop hy beplan het om 'n huurproduserende gebou op te rig, gekoop. In die tussentyd het hy die onbeboude eiendom as parkeerarea verhuur. Ten spyte van die feit dat die belastingpligtige 'n verhuringsbedryf beoefen het, het die hof beslis dat die tussentydse huur bloot toevallig tot sy bedryf is en nie as 'n bedryf beskou kan word nie. Die rente en ander verbandhoudende uitgawes is nie as aftrekkings toegestaan nie. Die uiteindelige doel van die tussentydse huur was om 'n uitgawe te verhaal wat die belastingpligtige moes aangaan om sy uiteindelige en hoofdoel te bereik.

### **2.2.2 Besigheid van geldskieder**

'n Persoon wat 'n besigheid as geldskieder beoefen, sal al die uitgawes wat betrekking het op die beoefening van sy bedryf as 'n aftrekking kan eis. Sy aftrekbare uitgawes sal die koste om sy voorraad te bekom, wat geld is, insluit. Die vraag kan gevra word of 'n enkele uitleningstransaksie ook kan

kwalfiseer as 'n bedryf en of 'n persoon geklassifiseer moet word as 'n geldskieder alvorens sy uitgawes as aftrekbaar kan kwalifiseer (Tager, 1976: 16).

Die omskrywing van “bedryf” in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet mag wyd genoeg wees om een transaksie in te sluit en daar is hofsake (byvoorbeeld *Stephan v CIR* (1919)) wat bevestig het dat 'n enkele transaksie die beoefening van 'n bedryf daar kan stel. As geld dus geleen word met die bedoeling om dit weer teen 'n hoër rentekoers uit te leen, sal die rente wat betaal is om die geld te bekom, aftrekbaar wees omdat dit geleen is om inkomste voort te bring (Praktyknota 31). Daar moet egter gelet word op die feit dat die voortbrenging van inkomste nie noodwendig dui daarop dat 'n bedryf beoefen is nie. Verder moet daarop gelet word dat die aftrekbaarheid van die rente uitgawe nie noodwendig daarvan afhanklik is dat inkomste voortgebring moet word nie. 'n Enkele transaksie kan voldoende wees om 'n bedryf daar te stel as dit die bedoeling is om inkomste voort te bring, selfs al is die uiteindelijke effek dat 'n verlies voortgebring word. In teenstelling hiermee kan 'n persoon wat geld leen teen 'n rentekoers en dit teen geen rente (byvoorbeeld *ITC 953* (1961), *ITC 296* (1934) en *CIR v Berold* (1962)) of 'n baie laer rentekoers uitleen, nie sê, in die afwesigheid van 'n ander besigheidsrede, dat hy 'n bedryf beoefen nie (Tager, 1976: 16).

### **2.2.3 Mora rente**

*Mora* rente is die rente wat op 'n rekening, wat versuim word om betaal te word, gehef word. Dit blyk of daar geen rede bestaan hoekom die uitgawe van rente betaal op 'n uitstaande skuld nie as aftrekking behoort te kwalifiseer nie, solank as wat die skuld in die beoefening van 'n bedryf aangegaan is (Tager, 1976: 17).

*Mora* rente verskil van boetes, wat as nie-aftrekbare uitgawes hanteer word. In *ITC 1199* (1973) en *ITC 1212* (1974) is bepaal dat 'n boete 'n persoonlike strafoplegging is en, alhoewel dit met die bedryf verbind kan word, nie 'n



uitgawe is wat vir die doeleindes van die bedryf aangegaan is nie. In *ITC 928* (1961) is ook bepaal dat 'n statutêre boete op 'n persoon self, en nie in sy kapasiteit as handelaar nie, gehef word.

### **2.3 DIE BEGIN VAN 'N BEDRYF**

'n Persoon wat beplan om 'n bedryf te begin beoefen, mag voorlopige uitgawes aangaan, soos byvoorbeeld die huur van eiendom en masjinerie, rente op lenings en salarisse, voordat hy in die posisie is om sy deure vir besigheid oop te maak. Die vraag ontstaan dus of die persoon begin het met die beoefening van sy bedryf soos in artikel 11 van die Inkomstebelastingwet vereis word en of hy sal kwalifiseer om hierdie uitgawes as 'n aftrekking te kan eis.

Die algemene siening is dat, in bogenoemde geval, 'n bedryf nog nie beoefen word nie (byvoorbeeld *ITC 882* (1959) en *ITC 665* (1948)). As 'n fabriek nog nie produktief is nie of 'n eiendom nog nie vir verhuring gereed is nie, het die bedryf nog nie begin nie en sal die uitgawes wat gedurende hierdie periode aangegaan is, nie as 'n aftrekking toegelaat word nie. As die belastingpligtige werklik begin om gedurende die jaar sy bedryf te beoefen, sal die uitgawes wat in daardie periode aangegaan is as aftrekkings toegestaan word. In *ITC 607* (1945) het die hof 'n aanslag goedgekeur waarin die Kommissaris uitgawes proporsioneel toegedeel het en die gedeelte van die uitgawes wat aangegaan is voordat daar met die bedryf begin is, nie toegelaat het nie.

Daar is egter 'n aantal hofsake wat die uitgangspunt ondersteun dat uitgawes wat aangegaan is voor daar met die bedryf begin word, wel as 'n aftrekking toegestaan kan word. In *ITC 984* (1961) is die belastingpligtige toegelaat om 'n bedrag wat as kommissie aan 'n eiendomsagent betaal is, af te trek, omdat die eiendomsagent 'n huurder vir sy eiendom gevind het, al was die eiendom nog nie opgerig nie. In *ITC 46* (1925) was die belastingpligtige 'n maatskappy wat nie genoeg kapitaal gehad het om 'n sekere bate te koop wat noodsaaklik was vir die beoefening van sy bedryf nie. In plaas van om geld teen rente te

leen, het die maatskappy 'n versekeringspolis uitgeneem om die koopprys van die bate te waarborg. Die Kommissaris het nie die premie op die versekeringspolis as 'n aftrekbare uitgawe toegelaat nie, omdat dit aangegaan was voordat daar met die bedryf begin is, maar die hof het die Kommissaris se argument verwerp en die uitgawe wel as aftrekking toegelaat, omdat dit 'n noodsaaklike uitgawe was wat by die voortbrenging van inkomste aangegaan is.

Ingevolge die nuwe Wysigingswet op Inkomstewette No. 45, 2003 is artikel 11A by die Inkomstebelastingwet ingevoeg wat handel oor die aftrekking ten opsigte van onkoste en verliese aangegaan voor die aanvang van die beoefening van die bedryf. Hierdie artikel tree in werking op 1 Januarie 2004 en is van toepassing ten opsigte van enige jaar van aanslag wat op of na daardie datum eindig.

## **2.4 DIE STAKING VAN 'N BEDRYF**

Wanneer 'n bedryf gestaak word, sal die bepalinge van artikel 11 van die Inkomstebelastingwet outomaties nie meer van toepassing wees nie. Dit mag moeilik wees om presies te bepaal wanneer die bedryf gestaak het en presies wanneer die uitgawe aangegaan is. 'n Vraag wat ontstaan is of 'n lener wat 'n vyf jaar lening aangegaan het, toegelaat sal word om die rente oor die volle termyn as 'n aftrekking te eis as hy na drie jaar besluit om sy bedryf, waarvoor die lening bekom is, te staak (Tager, 1976: 18).

### **2.4.1 Die kontinuïteitsbeginsel**

In *ITC 1013* (1963) het die hof die belastingpligtige toegelaat om sy deel van die huur wat betaal is op 'n huurkontrak wat deur 'n vennootskap van rekenmeesters aangegaan is, waarvan hy deel was, vir die doeleindes van beoefening van sy bedryf as 'n aftrekking te eis. Die vennootskap is voor die betrokke jaar van aanslag ontbind en die belastingpligtige het uit die gebou getrek. Die hof het bepaal dat die ontbinding van die vennootskap nie 'n

relevante faktor was in die bepaling of die huur uitgawe aftrekbaar is nie, omdat die vennootskap bloot 'n vorm was wat die belastingpligtige gebruik het om sy bedryf te beoefen. Die belastingpligtige het nie sy bedryf gestaak nie, maar dit net in 'n ander gebou voortgesit en omdat daar 'n kontinuïteit van aksie was, was die huur uitgawe aftrekbaar.

Die beginsel om die aftrekbaarheid van 'n uitgawe toe te staan op grond van die kontinuïteit van die bedryf, is ook in Engeland toegepas waar handelaars voortgegaan het om huur te betaal op geboue wat hulle nie meer gebruik het nie omdat hulle voortgegaan het om hulle bedryf in 'n ander gebou te beoefen (byvoorbeeld *IRC v The Falkirk Iron Co Ltd* (1940) en *Hyett (Inspector of Taxes) v Lennard* (1940)).

#### **2.4.2 Beperkings op die kontinuïteitsbeginsel**

Die vraag ontstaan of daar beperkings op die toepassing van die kontinuïteitsbeginsel is indien 'n belastingpligtige twee bedrywe beoefen en een van die bedrywe staak. Sal hy toegelaat word om uitgawes wat aangegaan is ten opsigte van die bedryf wat hy gestaak het, as 'n aftrekking van die bestaande bedryf se inkomste te kan eis (Tager, 1976: 19)?

In *ITC 19* (1924) het die belastingpligtige 'n professionele beroep beoefen en was ook deel van 'n sindikaat wat gevorm is met die doel om met grond te spekuleer. Die onderneming het nie geslaag nie omdat daar geen hoop op winste was nie en nadat al die bates verkoop is, was daar nog net 'n lening verskuldig. Die belastingpligtige het voortgegaan om rente te betaal op die lening nadat al die bedrywighede al gestaak is. Die hof het nie die rente aftrekking toegestaan teen die inkomste wat die belastingpligtige uit sy professionele beroep ontvang het nie. Die rede was dat die rente uitgawe geen verband met die inkomste uit sy professionele beroep gehad het nie. In *ITC 729* (1951) was die feite dieselfde, maar in hierdie saak het die hof die aftrekking van die rente uit die belastingpligtige se vorige bedryf teen die inkomste uit sy huidige bedryf toegestaan. *ITC 729* (1951) is onderskeibaar

van *ITC 19* (1924) omdat die hof sy gevolgtrekking gebaseer het op artikel 11(2)(i) van die Inkomstebelastingwet no. 31 van 1941 (nou artikel 11(m) van no. 58 van 1962) wat bepaal het dat die aftrekbaarheid van 'n annuïteit betaalbaar aan 'n afgetrede werknemer nie beperk word tot die spesifieke bedryf waaruit die werknemer afgetree het nie. Die bepaling is dat selfs al bestaan die bedryf waaruit die werknemer afgetree het nie meer nie, kan die belastingpligtige nog steeds die betaling van die annuïteit van die inkomste van sy huidige bedryf aftrek. Die regter het egter die opmerking gemaak, dat wat die algemene aftrekkingsformule betref, die aftrekkings wat betrekking het op 'n spesifieke bedryf, slegs tot daardie bedryf beperk moet word.

### **2.4.3 Die realiteit van die kontinuïteitsbeginsel**

Die kontinuïteitsbeginsel sal nie toegepas word as daar bloot die skyn geskep word dat met 'n besigheid voortgegaan word, indien die besigheid in der waarheid gestaak is nie (Tager, 1976: 20).

In *ITC 1135* (1969) het die belastingpligtige wat 'n boerdery beoefen het, rente betaal op geld wat vir die doeleindes van sy bedryf geleen is. In later jare het hy al sy voorraad en masjinerie verkoop en die plaaseiendom in die mark geplaas. Gedurende die jaar van aanslag onder oorsig, het die belastingpligtige toevallige inkomste ontvang, byvoorbeeld uit die verhuring van sy voer- en dipbakke en het hy die rente uitgawe op die lening van die toevallige inkomste as 'n aftrekking geëis. Die hof het nie die aftrekking toegestaan nie, omdat, alhoewel die toevallige inkomste as boerderybedrywighede geklassifiseer kon word, nie gesê kon word dat die belastingpligtige boerderybedrywighede gedurende die jaar onder oorsig beoefen het nie.

### **2.4.4 Wanneer die uitgawes aangegaan is**

'n Verdere aspek van die kontinuïteitsbeginsel is die vraag wanneer die uitgawe aangegaan is. In *ITC 1029* (1963) is die belastingpligtige, 'n argitek,

toegelaat om 'n uitgawe as 'n aftrekking te eis wat betaal is na sy aftrede ten opsigte van 'n waarborg wat gedurende sy professionele loopbaan aangegaan is. Die hof het beslis dat 'n uitgawe wat aftrekbaar is terwyl die belastingpligtige sy bedryf beoefen het, nie ophou om aftrekbaar te wees bloot omdat die belastingpligtige opgehou het om sy bedryf te beoefen nie, solank as wat die uitgawe ontstaan het uit aktiwiteite wat plaasgevind het voordat die bedryf gestaak is. Die beslissing in *ITC 1029* (1963) is verwerp op appèl in *COT v Cathcart* (1965), maar die Appèlhof het nie die redenasie van die Spesiale Hof in verband met die aftrekbaarheid van uitgawes wat aangegaan is nadat die bedryf gestaak is, afgekeur nie.

Alhoewel die beginsel wat in *ITC 1029* (1963) gevestig is, 'n goeie regsbeginnel daarstel, mag dit moeilik wees om dit in verband te bring met beginsels wat in *ITC 490* (1941), *ITC 1135* (1969) en *ITC 1171* (1971) neergelê is. In *ITC 490* (1941) het die hof die aftrekking van 'n huur uitgawe vir die huur van 'n hotel nadat die hotelbesigheid gestaak is, nie toegestaan nie.

Dit is duidelik uit bogenoemde dat 'n onderskeid getref moet word tussen lenings wat deur die lener gekanselleer kan word en lenings wat vir 'n vaste periode aangegaan is (Tager, 1976: 21). In *ITC 1135* (1969) het die hof beslis dat waar 'n lening vir die doeleindes van 'n bedryf aangegaan is en deur die belastingpligtige gekanselleer kan word, die rente uitgawe nie as 'n aftrekking toegelaat sal word nadat die bedryf gestaak is nie, omdat dit vir die belastingpligtige moontlik is om sy rente verpligting op enige tyd te staak. In *ITC 1171* (1971) is die saak op dieselfde gronde beslis. Die belastingpligtige het voortgegaan om die rente op 'n lening as 'n aftrekking te eis nadat sy bedryf gestaak is. Die hof het nie die rente aftrekking toegestaan nie omdat die belastingpligtige se besluit om die lening te behou nie in verband gebring kon word met die beoefening van 'n bedryf nie. Die lening in hierdie saak was op die belastingpligtige se aandrang terugbetaalbaar en die hof hoef dus nie die omstandighede van 'n lening vir 'n vaste periode te oorweeg het nie. Die hof het egter genoem dat die omstandighede van 'n lening vir 'n vaste periode

dalk anders kan wees.

Daar kan geen onsekerheid bestaan oor die korrekte beslissing van die sake waarin die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe nie toegestaan word wanneer 'n bedryf gestaak is nie, en waar die lenings op die aandrang van die lener terugbetaalbaar is. Die besluit van die belastingpligtige om die lening te behou, nadat hy sy bedryf gestaak het, dui op 'n verandering in die doel van die lening en as die doel van die lening nie tot die voortbrenging van inkomste lei nie, kan geen rente aftrekking toegestaan word nie (Tager, 1976: 21).

Lenings wat vir 'n vaste periode aangegaan is, sal vanweë die kontinuïteitsbeginsel in 'n beter posisie wees om die rente uitgawe as 'n aftrekking te kan eis. Die lener sal in 'n baie slegte posisie wees as hy sy bedryf gestaak het en nie meer toegelaat word om sy rente uitgawe as aftrekking te kan eis nie, terwyl hy nog steeds kontraktueel verplig is om dit te betaal en die verpligting gedurende die beoefening van sy bedryf aangegaan is. Die kontinuïteitsbeginsel laat egter net die aftrekbaarheid van uitgawes toe nadat die bedryf gestaak is as die uitgawes betrekking het op bedryfsaktiwiteite voordat die besigheid gestaak is (*ITC 1029 (1963)*).

In *ITC 1029 (1963)* was die belastingpligtige 'n argitek en het hy in die loop van sy bedryf 'n kontrak gesluit wat 'n verpligting bevat het wat afgehang het van 'n onseker gebeurtenis. Dit is 'n opskortende voorwaarde en het dus nie die onmiddellike totstandkoming van 'n kontraktuele verpligting beïnvloed nie. Wanneer aan die voorwaarde voldoen word, sal die verpligting terugwerkend van toepassing wees tot die datum waarop die kontrak gesluit is. As die beslissing in *ITC 1029 (1963)* korrek is, kan daar gesê word dat die verpligting om die waarborg na te kom gedurende die beoefening van die bedryf aangegaan is, maar dit is onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde. Alhoewel die opskortende voorwaarde eers nagekom word nadat die bedryf al gestaak is, word dit geag om terugwerkend aangegaan te gewees het. Daar kan dus gesê word dat dit aangegaan is voordat die bedryf gestaak is.

Die verpligting om rente te betaal kom kontraktueel tot stand op dieselfde manier as wat 'n verpligting ingevolge 'n opskortende voorwaarde kontraktueel tot stand kom (Tager, 1976: 22). Vervolgens kan dieselfde redenasie as in *ITC 1029* (1963) gevolg word. 'n Aftrekking van uitgawes kan toegelaat word nadat die bedryf gestaak is, as dit uit 'n kontrak met 'n opskortende voorwaarde spruit. Dit is nie noodwendig so nie, omdat die twee omstandighede vanuit 'n regsdoopspunt sowel as 'n belastingdoopspunt heeltemal verskillend is. Uit 'n belastingdoopspunt word 'n lening soos 'n huur gesien (byvoorbeeld *CIR v Lever Brothers & Unilever Ltd* (1946)). 'n Huur kan verseker nie as 'n kontrak onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde omskryf word nie. Dit is onderhewig aan die verhuurder se beskikbaarstelling van die eiendom gedurende die huurtydperk en die huurder se verpligting om maandeliks die huurpaaielemente te betaal. Hierdie faktore is die terme van 'n huurkontrak en as dit nie nagekom word nie, kan dit tot kontrakbreuk lei. Uit 'n belastingdoopspunt sal 'n voorwaardelike aanspreeklikheid nie tot 'n aftrekbare uitgawe aanleiding gee nie. Ingevolge artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet moet 'n uitgawe "werklik aangegaan" word voordat dit aftrekbaar sal wees. Dit is slegs as aan die voorwaarde voldoen word, dat die uitgawe aftrekbaar sal wees. Indien daar geen voorwaarde aan die verpligting is om dit te betaal nie, sal betaling normaalweg onmiddellik geskied en die belastingpligtige sal normaalweg op 'n aftrekking geregtig wees (Tager, 1976: 23).

Die belastinghantering van hure verskil egter van die hantering van ander kontrakte, soos byvoorbeeld verkope, waar nie-voorwaardelike verpligtinge met die sluit van die kontrak aangegaan word. Die huurder is nie daarop geregtig om die volle huurpaaielemente vir die hele periode met die sluiting van die kontrak as 'n aftrekking te eis nie. Op dieselfde wyse word die verhuurder nie op die volle huurbedrag aan die begin van die kontrak belas nie. Die verhuurder se verpligting om huur te betaal mag dalk maandeliks (of anders volgens die kontrak) wees. Eers as die verpligting bestaan, sal die uitgawe beskou kan word as werklik by die voortbrenging van inkomste aangegaan te gewees het. Wanneer die huurder hiervolgens sy bedryf staak, sal die bedrag

van huur wat as aftrekking toegelaat sal word, verdeel word tussen die periode waarin die bedryf beoefen is en die periode waarin die bedryf gestaak is, net soos wat die verdeling in *ITC 607* (1945) (bespreek in paragraaf 2.3) plaasgevind het. As daar geen bedryf gedurende 'n belastingjaar beoefen is nie, behoort geen aftrekking van huur toegelaat te word nie (Tager, 1976: 23).

Dieselfde redenasie wat gevolg is by die belastinghantering van huur behoort by die belastinghantering van rente toegepas te word. Alhoewel 'n persoon 'n verpligting aangaan om rente jaarliks op 'n lening met 'n vyf jaar periode te betaal, is hy nie daarop geregtig om die hele rente uitgawe by die sluiting van die kontrak as 'n aftrekking te eis nie. Soos in die geval van die huur uitgawe, sal die belastingpligtige geregtig wees om die rente aftrekking te eis soos wat dit werklik aangegaan word, ten spyte van die kontraktuele verpligting van vyf jaar. As die belastingpligtige se bedryf gedurende die jaar gestaak word, moet die rente uitgawe toegedeel word tussen die periode wat hy 'n bedryf beoefen het en die periode waarin hy sy bedryf gestaak het (Tager, 1976: 23).

Dit is Tager (1976: 24) se mening dat, in die afwesigheid van 'n element van kontinuïteit met die werklike bedryf van 'n besigheid, die aftrekking van 'n uitgawe nadat 'n bedryf gestaak is, nie toegelaat behoort te word nie. Daar moet op gelet word dat die beslissing in *Sub-Nigel v CIR* (1948) (naamlik vir 'n uitgawe om as aftrekking te kwalifiseer, hoef dit nie in verband gebring te word met die inkomste wat dit voortgebring het nie) nie wyd genoeg mag wees om ook op die voor-beoefening-van-bedryf-periode en die staak-van-bedryf-periode toegepas te word nie.

## 2.5 GEVOLGTREKKING

Om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen, moet 'n objektiewe toets toegepas word op die feite van elke saak (*CIR v Stott* (1928)) en die begrip "bedryf" is bedoel om enige winsgewende aktiwiteit in te sluit en moet



die wydste moontlike betekenis aan gegee word (*ITC 770 (1953)*). Die objektiewe toets kan egter soms ontoereikend wees as daar geen winsgewende aktiwiteite is nie en dan moet daar eerder na die belastingpligtige se doel met die beoefening van die bedryf gekyk word. As die hoofdoel van die belastingpligtige is om inkomste voort te bring, kan dit 'n aanduiding wees dat hy 'n bedoeling het om 'n bedryf te beoefen.


'n Persoon wat beplan om 'n bedryf te begin beoefen, mag voorlopige uitgawes aangaan voordat hy in 'n posisie is om sy deure vir besigheid oop te maak. Die algemene siening is dat die uitgawes wat gedurende hierdie periode aangegaan is, nie as 'n aftrekking toegelaat sal word nie, omdat die bedryf nog nie begin het nie (*ITC 882 (1959)* en *ITC 665 (1948)*). Daar is egter 'n aantal hofsake wat die uitgangspunt ondersteun dat uitgawes wat aangegaan is voordat daar met die bedryf begin word, wel as 'n aftrekking toegestaan kan word (*ITC 46 (1925)* en *ITC 984 (1961)*). Dit sal gewoonlik gevalle behels waar die uitgawe noodsaaklik vir die begin van die bedryf is.

Wanneer 'n bedryf gestaak word, sal die bepalinge van artikel 11 van die Inkomstebelastingwet outomaties nie meer van toepassing wees nie. Die beginsel om die uitgawe as 'n aftrekking toe te staan op grond van die kontinuïteit van die bedryf, is in 'n aantal hofsake toegepas (byvoorbeeld *ITC 1013 (1963)*). Daar is beperkings op die toepassing van die kontinuïteitsbeginsel. Indien 'n belastingpligtige twee bedrywe beoefen en een van die bedrywe staak, behoort hy nie toegelaat te word om uitgawes wat aangegaan is ten opsigte van die bedryf wat hy gestaak het, as 'n aftrekking van die bestaande bedryf se inkomste te kan eis nie (*ITC 19 (1924)*), behalwe indien daar 'n spesifieke bepaling in die Inkomstebelastingwet is wat dit wel toelaat (*ITC 729 (1951)*).

'n Verdere aspek van die kontinuïteitsbeginsel is die vraag wanneer die uitgawe aangegaan is. In die geval van 'n rente uitgawe, sal die belastingpligtige geregtig wees om die rente aftrekking te eis soos wat dit werklik aangegaan word, ten spyte van 'n kontraktuele verpligting van

byvoorbeeld vyf jaar. As die belastingpligtige se bedryf gedurende die jaar gestaak word, moet die rente uitgawe toegedeel word tussen die periode wat hy 'n bedryf beoefen het en die periode waarin hy sy bedryf gestaak het (Tager, 1976: 23).


Vervolgens gaan daar gekyk word na die faktore wat daarop dui dat rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is.



## HOOFSTUK 3

### DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG OM TE BEPAAL OF RENTE UITGAWES BY DIE VOORTBRENGING VAN INKOMSTE AANGEGAAN IS

3.1	INLEIDING	27
3.2	DIE TOETS VAN DIE DOEL VAN UITGAWES	27
3.3	TOEDELING VAN UITGAWES	29
3.3.1	Agtergrond van toedeling van uitgawes	29
3.3.2	Toedeling van rente uitgawes	31
3.3.3	Gevolgtrekking oor die toedeling van rente uitgawes	34
3.4	GEVOLGTREKKING	35



## HOOFSTUK 3

### DIE FAKTORE WAT DIE HOWE OORWEEG OM TE BEPAAL OF RENTE UITGAWES BY DIE VOORTBRENGING VAN INKOMSTE AANGEGAAN IS

#### 3.1 INLEIDING

'n Uitgawe kwalifiseer as 'n aftrekking ingevolge artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet as die uitgawe werklik aangegaan word by die voortbrenging van inkomste, soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet. Inkomste ingevolge artikel 1 van die Inkomstebelastingwet word omskryf as bruto inkomste min vrygestelde inkomste (vrygestelde inkomste word in artikel 10 van die Inkomstebelastingwet omskryf).

Die toets of uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, is baie nou verwant aan die vereiste dat 'n belastingpligtige 'n bedryf moet beoefen. 'n Persoon wat 'n bedryf beoefen sal ten doel hê om inkomste voort te bring, alhoewel inkomste in werklikheid dalk nie voortgebring word nie. Die omgekeerde is egter nie altyd waar nie: naamlik dat die voortbrenging van inkomste noodwendig 'n bedryf impliseer nie. Die voortbrenging van inkomste is egter 'n aanduidende faktor dat 'n bedryf wel beoefen word (Tager, 1976: 27).

#### 3.2 DIE TOETS VAN DIE DOEL VAN UITGAWES

Die begrip “by die voortbrenging van inkomste” is die onderwerp van heelwat hofsake wat riglyne neergelê het oor die betekenis daarvan. Die vernaamste regspraak wat bepaal het oor hoe 'n uitgawe “by die voortbrenging van inkomste” aangegaan word, is in *Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936) bepaal, en is 'n tweeledige toets, naamlik:

- (a) of die handeling waaraan die uitgawe verbind is by die

- voortbrenging van inkomste aangegaan is; en
- (b) of die uitgawe wat aangegaan is nou genoeg verwant is aan die bedryf, sodat dit as deel van die koste om die onderneming te bedryf, beskou kan word.

Die hof het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die handeling eerstens geïdentifiseer moet word, waarna besluit moet word of dit uitgevoer is met die doel om inkomste voort te bring. Tweedens moet die uitgawes wat die belastingpligtige as aftrekking wil eis, nou verwant wees aan die uitvoering van die handeling wat as sodanig geïdentifiseer is. Die onkoste moet 'n onvermydelike uitvloeisel van die besigheidsaktiwiteite wees (*Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936)).

Daar moet op gelet word dat “by die voortbrenging van inkomste” nie beteken dat die uitgawes slegs as aftrekking geëis kan word nadat inkomste voortgebring is nie. In *Sub-Nigel v CIR* (1948) is daar beslis dat die uitgawes aangegaan moet word met die doel om inkomste voort te bring. Die feit dat geen inkomste voortgebring is nie, het nie veroorsaak dat die uitgawe nie afgetrek kon word nie. Indien die doel waarvoor geld geleen word egter enige moontlikheid van die voortbrenging van inkomste uitsluit, sal die rente uitgawe nie as 'n aftrekking toegelaat word nie (*ITC 484* (1941)).

In *New State Areas Ltd v CIR* (1946) het Watermeyer HR nog 'n geleentheid gehad om 'n toets vir die aftrekbaarheid van uitgawes te formuleer. Die regter het beklemtoon dat beide die uitgawes aangegaan by die aankoop, uitbreiding en verbetering van 'n inkomste-produiserende bate, en die uitgawes aangegaan by die uitvoer van die bedryfsaktiwiteite, by die voortbrenging van inkomste aangegaan sal word. Eersgenoemde uitgawes sal egter van 'n kapitale aard wees en dus nie aftrekbaar wees nie. Om te onderskei of 'n uitgawe van kapitale of inkomste aard is, moet die ware aard van die transaksie ondersoek word en die doel van die uitgawe is 'n belangrike faktor.

Volgens die riglyne van die doel van 'n uitgawe soos neergelê in *Port Elizabeth Electric Tramway v CIR* (1936), moet die doel van die handeling wat die uitgawe veroorsaak het, ondersoek word. As die doel van die handeling is om inkomste voort te bring, sal die uitgawe as 'n aftrekking toegelaat word.

Waar dit oor die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe handel, moet die toets van die doel van die uitgawe uitgebrei word. Die enkele vraag wat die doel van die handeling is wat die rente uitgawe voortgebring het, is nie genoeg om te bepaal of die rente uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie. Die doel van 'n rente uitgawe word bepaal deur 'n lening wat aangegaan word en die lening self mag dalk, of mag dalk nie by die voortbrenging van inkomste wees nie. 'n Tweede vraag moet dus gevra word: Wat is die doel van die lening wat aangegaan is? As die doel van die lening is om inkomste voort te bring, mag die rente uitgawe afgetrek word (Tager, 1976: 28).

Dit kan wees dat die oorspronklike doel van die belastingpligtige met die aangaan van die lening die bepalende faktor is, maar die oorspronklike doel kan verander en die uiteindelijke doel kan dalk die oorspronklike doel ophef. Wanneer 'n belastingpligtige geld leen, kan hy 'n algemene doel hê waarvoor hy die lening gaan aanwend, of hy kan dalk 'n hoofdoel hê met bykomende doeleindes (Tager, 1976: 28).



### 3.3 TOEDELING VAN UITGAWES

#### 3.3.1 Agtergrond van toedeling van uitgawes

Die toedeling van uitgawes is net van toepassing indien 'n enkele uitgawe met meer as een doel aangegaan is (De Koker, 2003: 7.11A).

Die howe lees artikel 11(a), artikel 23(g) en artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet saam (byvoorbeeld *Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936)). Ingevolge artikel 23(g) sal geen aftrekking toegestaan word vir sover die geld nie vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee is nie. Ingevolge artikel 23(f) sal geen aftrekking toegestaan word vir sover onkoste aangegaan is ten opsigte van bedrae ontvang of toegeval wat nie inkomste is nie. Inkomste word ingevolge artikel 1 van die Inkomstebelastingwet omskryf.

Die vraag of 'n uitgawe aftrekbaar is in terme van artikel 23(g) is 'n regspraak, terwyl die doel waarvoor die belastingpligtige die uitgawe aangegaan het, 'n feitevraag is (*CIR v Ineson* (1980)). In *Ticktin Timbers CC v CIR* (1999) het Hefer AR beslis dat die doel waarmee die belastingpligtige die uitgawe aangegaan het, 'n bepalende faktor in die toepassing van artikel 23(g) is.

In *Local Investments Co v COT* (1958) was dit die hof se uitgangspunt dat artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet se doel is om die aftrekking van uitgawes te verbied wat by die voortbrenging van nie-belasbare inkomste aangegaan is. Algemene uitgawes, wat nie maklik toegeskryf kon word aan belasbare en nie-belasbare inkomste nie, moes op 'n redelike en regverdigte grondslag toegedeel word.

Die toedeling van uitgawes is ook deur Corbett AR aangespreek wat die uitspraak in *CIR v Nemojim (Pty) Ltd* (1983) gelewer het. Volgens hom is toedeling 'n middel wat beskikbaar is indien 'n uitgawe deur 'n belastingpligtige met meer as een doel aangegaan is; die een kwalifiseer as 'n aftrekking en die ander nie. Terselfdertyd moet egter daarop gelet word dat die uitgawe geheel en al en uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes aangegaan moes gewees het (artikel 23(g) van die Inkomstebelastingwet voordat dit in 1992 gewysig is), dan is 'n toedeling van die uitgawe moontlik in terme van artikel 11(a) saamgelees met artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet (*SIR v Guardian Assurance Holdings (SA) Ltd* (1976)).

Voordat artikel 23(g) in die Inkomstebelastingwet in 1992 gewysig is, het die artikel die aftrekking van 'n uitgawe wat nie geheel en al of uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes aangegaan is nie, verbied. Geen voorsiening is gemaak vir die situasie waar uitgawes gedeeltelik vir bedryfsdoeleindes aangegaan is nie en sulke uitgawes is in sy geheel as 'n aftrekking geweier. Die huidige bewoording van artikel 23(g) laat 'n toedeling toe, maar dit verleen nie spesifieke magtiging om uitgawes toe te deel nie (De Koker, 2003: 7.11A). Die artikel het net een tipe toedeling in gedagte en dit is die toedeling van 'n enkele uitgawe wat aangegaan is vir beide bedryfs- en nie-bedryfsdoeleindes.

In die algemeen kan gesê word dat die toedeling van uitgawes in terme van artikel 23(g) in die Inkomstebelastingwet deur die howe en die Ontvanger van Inkomste ondersteun word (De Koker, 2003: 7.11A).

### 3.3.2 Toedeling van rente uitgawes

In *Financier v COT* (1950) het die belastingpligtige 'n som geld geleen vir algemene besigheidsdoeleindes, waarop hy rente betaal het. Sekere van sy beleggings het geen inkomste voortgebring nie en die Ontvanger van Inkomste het die rente betaal op die geleende geld wat aangewend is op die beleggings wat nie inkomste voortgebring het nie, as aftrekking geweier. Die toets wat die hof toegepas het was of die som geld geleen is met die doel om inkomste voort te bring of nie. Tredgold R, wat die uitspraak gelewer het, het na *Producer v COT* (1948) verwys. In hierdie saak het die belastingpligtige ook geld geleen vir algemene besigheidsdoeleindes, maar die geld belê in aandele wat nie-belasbare inkomste voortgebring het. Tredgold R het die volgende beginsels neergelê:

- (a) waar 'n belastingpligtige 'n spesifieke som geld leen en daardie som geld aanwend om nie inkomste voort te bring nie, en dit ook nie in verband gebring kan word met die inkomste-produiserende deel van sy besigheid nie, kan die rente uitgawe betaal op die geld geleen nie afgetrek word nie, omdat dit nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie;
- (b) waar 'n belastingpligtige vir goeie en grondige redes geld leen om aan te wend in sy besigheid by die voortbrenging van sy inkomste, ten spyte van die feit dat hy later die geld aanwend vir 'n regmatige besigheidsdoel wat nie-belasbare inkomste voortbring, sal die rente uitgawe steeds aftrekbaar wees.

Die toets wat dus toegepas word, is die doel waarvoor die geld geleen is.

Die uiteindelijke aanwending van die geld wat geleen is, is nie noodwendig 'n bepalende faktor nie (soos per (b) hierbo) en is net relevant as die doel waarmee die lening aangegaan is, bepaal kan word (soos per (a) hierbo). In



*CIR v Allied Building Society* (1963) was dit deel van die besigheid van 'n bouvereniging om geld te leen en ook kommersieel noodsaaklik om alle geld wat deur die algemene publiek aangebied is te aanvaar. Die bouvereniging het van die fondse aangewend om onbeboude grond te bekom. Die hof het beslis dat die verkryging van die onbeboude grond deur die bouvereniging toevallig tot sy normale besigheidsaktiwiteite was (leen van geld om beleggingsinkomste te verdien). Indien die bouvereniging verkies om van sy geld nie by die voortbrenging van inkomste aan te wend nie, is dit nie genoegsame rede vir die Ontvanger van Inkomste om 'n gedeelte van die rente uitgawe as aftrekking te weier nie.

In *CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985) is bevestig dat die doel van die lening die bepalende faktor is om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te bepaal. Die belastingpligtige is 'n bank, wat alle geld wat deur die algemene publiek as deposito's aangebied is, aanvaar het en rente op die geleende geld betaal het. Die geleende fondse het alles in een gesamentlike poel van fondse gegaan wat vir verskeie doeleindes aangewend is, onder meer ook die verkryging van aflosbare voorkeuraandele wat nie-belasbare inkomste voortbring het. Die aangaan van die rente uitgawes was nie gemik op een spesifieke aanwending van die fondse nie, maar op die bedrywighede van die bank in die algemeen, naamlik om fondse goedkoop te bekom en dan duurder uit te leen. Die hof het beslis dat die onmiddellike doel van die fondse was om bedryfskapitaal te bekom. Daar was ook nie 'n nou genoeg verband tussen 'n gedeelte van die rente uitgawes op die fondse en die nie-belasbare inkomste wat voortbring is om tot die gevolgtrekking te kom dat rente uitgawes nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie.

Corbett AR het die volgende beginsels in *CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985) neergelê:

- (a) Die belangrikste en bepalende faktor om te bepaal of uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is en dus aftrekbaar is ingevolge die algemene aftrekkingsformule in artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet, is die doel van die uitgawe en wat dit

uiteindelik tot stand bring. In hierdie verband moet ook bepaal word of die verband tussen die uitgawes en die inkomste-produiserende aktiwiteite nou genoeg is. Dieselfde algemene toets word toegepas op die bepalings van artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet.

- (b) Om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, moet 'n onderskeid getref word tussen die geval waar 'n belastingpligtige 'n spesifieke som geld leen en aanwend vir 'n identifiseerbare doel en die geval waar 'n belastingpligtige geld leen in die algemeen en op groot skaal om bedryfskapitaal vir sy besigheid te bekom.
- (c) In die eerste geval is beide die doel en wat dit uiteindelik tot gevolg het maklik identifiseerbaar. 'n Duidelike en kousale verband tussen die uitgawe en die inkomste wat voortgebring is kan bepaal word. Beide die faktore is dus belangrik om die aftrekbaarheid van die rente te beoordeel.
- (d) In die tweede geval, en meer spesifiek in die geval van 'n bouvereniging of bank, is daar sekere faktore wat verhoed dat die verband tussen die doel van die uitgawe en wat dit uiteindelik tot gevolg het, duidelik geïdentifiseer kan word. Daar kan nie gesê word dat die uitgawe aangegaan is om 'n sekere effek tot gevolg te hê nie. Al wat gesê kan word is dat die uitgawe aangegaan is om die instansie met bedryfskapitaal te voorsien, maar dit is nie moontlik om 'n spesifieke uitgawe te verbind aan die verskeie maniere hoe die fondse aangewend is nie.

Uit *CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985) is dit dus duidelik dat as dit nie moontlik is om die verband tussen rente uitgawes aangegaan en die voortbrenging van nie-belasbare inkomste te bepaal nie, of as die verband tussen die rente uitgawe en die nie-belasbare inkomste nie nou genoeg is nie, geen toedeling van die rente uitgawes gemaak hoef te word tussen aftrekbaar en nie-aftrekbaar nie, soos wat artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet vereis.

In *ITC 1641* (1998) het die belastingpligtige, 'n beslote korporasie, 'n eiendom besit waarin 'n firma van argitekte belang gestel het. Die korporasie het geld geleen wat weer uitgeleen is aan die nuwe lede om die ou lede se belange uit te koop. Die korporasie het ook herstelwerk en verbeteringe aangegaan aan die eiendom daarvan en die eiendom aan die argitekte (wat ook in die vorm van 'n beslote korporasie is) teen 'n hoë huurtarief verhuur. Op appèl in *C: SARS v 121 Castle Street Cape Town CC* (2002) is beslis dat die geld wat deur die belastingpligtige geleen is, nie by die voortbrenging van inkomste aangewend is nie, aangesien die korporasie se inkomste-produiserende aktiwiteite nie deur die transaksie verhoog is nie. Die enigste resultaat van die transaksie was om die belastingpligtige met 'n rente uitgawe te belas. Die korporasie kon dus nie die rente uitgawe as aftrekking kry nie. Op die basis wat die korporasie 'n gemengde doel gehad het met die aangaan van die lening, naamlik om die korporasie se inkomste-produiserende kapasiteit te verhoog deur die gebou aan die argitekte te verhuur en deur die nuwe lede by te staan om die ou lede se belange uit te koop, het die hof beslis dat die rente uitgawe toegedeel moet word soos wat in artikel 23(g) van die Inkomstebelastingwet geïmpliseer word.

### 3.3.3 Gevolgtrekking oor die toedeling van rente uitgawes

Uit bogenoemde is die skrywer se gevolgtrekking dat indien rente uitgawes uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes aangegaan word (daar word dus voldoen aan die vereiste van artikel 23(g) van die Inkomstebelastingwet), maar die uitgawes bring belasbare en nie-belasbare inkomste voort ('n gedeelte van die uitgawes kan dus gesien word as verbode in terme van artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet), kan die volle rente uitgawe afgetrek word (*CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985)) indien daar nie 'n duidelike verband tussen die rente uitgawe en die nie-belasbare inkomste wat voortgebring is, bestaan nie. Indien rente uitgawes egter deels vir bedryfsdoeleindes en deels vir nie-bedryfsdoeleindes aangegaan word en die verband tussen die rente uitgawe en die voortbrenging van nie-belasbare inkomste duidelik onderskei kan word, sal die rente uitgawe toegedeel word op grond van die toedeling wat in artikel


23(g) (soos gewysig in 1992) en artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet geïmpliseer word. Dié gevolgtrekking word ondersteun deur onlangse regspraak in *C: SARS v 121 Castle Street Cape Town CC* (2002).

### 3.4 GEVOLGTREKKING

Vir 'n rente uitgawe om aftrekbaar te wees, moet dit by die voortbrenging van inkomste aangegaan word. Die hof het in verskeie sake beslis dat inkomste nie in werklikheid voortgebring hoef te word nie, maar die belastingpligtige moet die bedoeling hê om inkomste voort te bring (byvoorbeeld *COT v BSA Co Investments Ltd* (1966) en *ITC 697* (1950)). Die vernaamste toets om te bepaal of 'n uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, is neergelê in *Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936). Die doel van die handeling wat die uitgawe meebring moet ondersoek word en as die doel is om inkomste voort te bring, sal die gepaardgaande uitgawe aftrekbaar wees. Verder moet die uitgawe so nou verwant wees aan die bedryfsaktiwiteite dat dit as deel van die koste om die onderneming te bedryf, beskou kan word. Dit blyk uit regspraak dat die toets vir "by die voortbrenging van inkomste" streng toegepas word. As daar alleen maar 'n geringe verband tussen die uitgawe en die belastingpligtige se bedryf bestaan, sal die uitgawe nie as 'n aftrekking toegestaan word nie (*ITC 128* (1928)).

Indien 'n rente uitgawe met meer as een doel aangegaan word (by die voortbrenging van belasbare en nie-belasbare inkomste of by die beoefening van 'n bedryf of nie), kan 'n toedeling van die rente uitgawe op grond van artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet plaasvind. Indien die verband tussen 'n rente uitgawe en die voortbrenging van nie-belasbare inkomste egter nie nou genoeg is nie, is geen toedeling ingevolge artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet nodig nie (*CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985)). Indien 'n verband egter wel identifiseerbaar is, sal 'n toedeling van die rente uitgawe plaasvind (*C: SARS v 121 Castle Street Cape Town CC* (2002)).


Vervolgens gaan daar gekyk word na die toetse wat die howe oorweeg om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, deur die toepassing daarvan in verskillende scenario's te ondersoek.



## HOOFSTUK 4

### DIE HOWE SE TOETS VAN DIE DOEL VAN 'N LENING SOOS WAT DIT OP VERSKILLENDE SCENARIO'S TOEGEPAS WORD

4.1	INLEIDING	38
4.2	LENINGS VIR ALGEMENE BEDRYFSDOELEINDES AANGEGAAN	38
4.3	LENING AANGEGAAN MET DIE DOEL OM AANDELE IN 'N MAATSKAPPY OF 'N BELANG IN 'N BESLOTE KORPORASIE TE BEKOM	41
4.4	LENINGS IN VERBAND MET LEDE SE LENINGSREKENINGS AANGEGAAN	47
4.5	LENINGS VIR PRIVAATDOELEINDES AANGEGAAN	51
4.6	GEVOLGTREKKING	55



## HOOFSTUK 4

### DIE HOWE SE TOETS VAN DIE DOEL VAN 'N LENING SOOS WAT DIT OP VERSKILLENDE SCENARIO'S TOEGEPAS WORD

#### 4.1 INLEIDING

By die toepassing van die toetse neergelê deur die howe in verband met die “by die voortbrenging van inkomste” vereiste, het die howe 'n onderskeid getref tussen die verskillende doeleindes waarvoor lenings aangegaan is. In hierdie hoofstuk gaan verskillende scenario's (doeleindes waarvoor lenings aangegaan word) ondersoek word deur te kyk na die toetse wat die howe oorweeg het om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is.

#### 4.2 LENINGS VIR ALGEMENE BEDRYFSDOELEINDES AANGEGAAN

Die beginsels wat toegepas word om te bepaal of 'n rente uitgawe aftrekbaar is ten opsigte van 'n lening wat vir algemene bedryfsdoeleindes aangegaan is, word in die volgende hofsake uiteengesit.

In *Producer v COT* (1948) het 'n Zimbabwiese vennootskap 'n Suid-Afrikaanse maatskappy gevorm om sy produkte in Suid-Afrika te bemark. Die vennootskap het krediet aan die maatskappy verskaf, wat onder meer deur lenings gefinansier is. 'n Aantal jare later het die belastingpligtige die hele besigheid van die vennootskap oorgeneem, wat beteken het dat die Suid-Afrikaanse maatskappy geld aan hom verskuldig was. Drie jaar later het die belastingpligtige sy aandeelhouding in die maatskappy verhoog. Die aankoop van die aandele is befonds deur die kwytskelding van 'n gedeelte van die lening wat die maatskappy aan die belastingpligtige verskuldig was. Die Kommissaris het die aftrekking van 'n gedeelte van die rente betaal op die lening geweier omdat dit nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is

nie, maar om aandele te koop.

Die hof het 'n onderskeid getref tussen die leen van geld vir 'n spesifieke doel en die leen van geld vir 'n algemene doel. Wanneer 'n belastingpligtige 'n spesifieke som geld leen en nie by die inkomste-produiserende deel van sy besigheid aanwend nie, kan die rente uitgawe nie as 'n aftrekking geëis word nie omdat dit nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie. Dit is in kontras met die situasie waar 'n belastingpligtige vir goeie en grondige redes geld leen vir die aanwending in sy besigheid wat inkomste voortbring, ten spyte van die feit dat hy ná die tyd die geld aanwend vir 'n geldige besigheidsdoel wat nie inkomste voortbring nie. Die rente uitgawe sal steeds vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees. Die belastingpligtige het dus nie die geld geleen vir die spesifieke doel om aandele te koop nie, maar vir algemene besigheidsdoeleindes en die hof het die volle rente uitgawe as 'n aftrekking toegestaan. Die hof het beslis dat die aftrekbaarheid van rente uitgawes bepaal word deur die oorspronklike doel van die lening.

Dieselfde beginsels is toegepas in *Financier v COT* (1950) waar die hof ook beslis het dat die bepalende faktor om te bepaal of rente uitgawes aftrekbaar is, is om na die oorspronklike doel van die lening te kyk.

Die sake van *Producer v COT* (1948) en *Financier v COT* (1950) moet vergelyk word met *CIR v Allied Building Society* (1963) en *CIR v Standard Bank of South Africa Ltd* (1985). In *CIR v Allied Building Society* (1963) het die belastingpligtige, omdat dit noodsaaklik vir sy besigheid was, alle geld wat in verband met aandele, spaarrekeninge of vaste deposito's aangebied is, aanvaar. Die bouvereniging se basiese besigheid was om geld te leen teen laer koerse en dit weer teen hoër koerse uit te leen. Alle geld ontvang is in 'n sentrale poel inbetaal. 'n Gedeelte van die geld is gebruik om onbeboude grond te koop om in die toekoms geboue daar op te rig wat as kantore vir die bouvereniging kon dien. Surplus kantoorryimte sou verhuur word. 'n Gedeelte van die rente uitgawe betaal deur die bouvereniging was dus nie by die voortbrenging van inkomste nie. Die Kommissaris wou nie hierdie



gedeelte van die rente uitgawe as 'n aftrekking toestaan nie.

Die hof het egter beslis dat die rente uitgawe as aftrekking toegestaan moet word omdat die uiteindelijke aanwending of bestemming van die fondse wat geleen was nie die bepalende faktor is om die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe te bepaal nie. Die uiteindelijke aanwending of bestemming van die geleende fondse mag wel 'n belangrike faktor wees in die bepaling van die doel van 'n lening, maar die dominante vraag bly staan: wat is die ware aard van die transaksie? Die belangrikste faktor om die vraag te beantwoord is dus die oorspronklike doel van die lening.

Dit is dus uit bogenoemde uitspraak duidelik dat die effek van die rente uitgawe nie relevant is wanneer geld vir 'n algemene bedryfsdoel geleen word nie. Die beginsel is bevestig in *CIR v Standard Bank of South Africa Ltd* (1985) waar die bank 'n klein gedeelte van die geld wat by die bank belê is gebruik het om aflosbare voorkeuraandele mee te koop. Die dividende wat op die aflosbare voorkeuraandele ontvang is, was vrygestel van belasting. Op die basis van *CIR v Allied Building Society* (1963) het die hof die volle rente uitgawe as aftrekbaar toegestaan. Regter Corbett AR het ook die feit beklemtoon dat die uiteindelijke effek van die uitgawe nie altyd die bepalende faktor in alle omstandighede sal wees nie. 'n Onderskeid moet getref word waar 'n belastingpligtige 'n spesifieke som geld leen en vir 'n identifiseerbare doel aanwend, en waar 'n belastingpligtige 'n som geld in die algemeen en op groot skaal leen om bedryfskapitaal vir sy besigheid te bekom. In die eerste geval kan beide die doel van die lening en wat dit uiteindelik tot stand bring, maklik geïdentifiseer word – 'n duidelike, noue kousale verband kan gesien word. In sulke gevalle is die doel en die effek belangrike faktore. In die tweede geval is die effek van die uitgawe nie 'n bepalende faktor nie, omdat daar faktore is wat die duidelike, noue kousale verband verhoed.

### 4.3 LENINGS AANGEGAAN MET DIE DOEL OM AANDELE IN 'N MAATSKAPPY OF 'N BELANG IN 'N BESLOTE KORPORASIE TE BEKOM

Rente wat betaal word op geld wat geleen is om aandele te koop, sal nie aftrekbaar wees nie, omdat aandele vrygestelde inkomste voortbring en die rente uitgawe nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie (artikel 23(f) van die Inkomstebelastingwet). Hierdie beginsel is net waar as die ware doel van die koop van die aandele gedoen is om dividende te verdien.

Dit is algemene besigheidspraktyk om die koop van aandele as 'n voorvereiste te stel vir bevordering na, byvoorbeeld, die posisie van 'n direkteur. Hierdie aandele word gewoonlik met geleende geld, waarop rente betaalbaar sal wees, gekoop. Daar is teenstrydige regspraak oor hierdie situasie soos dit uit die bespreking wat hieronder volg, blyk.

In *Shapiro v CIR* (1928) het die belastingpligtige rente aangegaan op 'n lening wat aangewend is om die meerderheidsaandeelhouding in 'n maatskappy te bekom. Dit was ook verder 'n voorwaarde van die ooreenkoms tussen die belastingpligtige en die verkoper dat die belastingpligtige as besturende direkteur met 'n salaris, behuisingstoelae en 'n deel van die maatskappy se winste as kommissie aangestel sou word. Die hof het beslis dat die rente uitgawe ten opsigte van die lening wat aangegaan is om die aandele te koop, nie aftrekbaar is nie omdat die inkomste verdien (salaris, behuisingvoordeel en kommissie) nie 'n direkte gevolg is van sy aandeelhouding nie, maar as gevolg van sy dienste wat as direkteur gelewer is. Die hof het beslis dat daar twee aparte ooreenkomste gesluit is, naamlik die verkoop van die aandele en tweedens die aanstelling as direkteur. Die feit dat die koop van die aandele 'n voorvereiste was van die belastingpligtige se direkteurskap, is nie as 'n bepalende faktor beskou nie. Die verband tussen die rente uitgawes en die vergoeding wat as direkteur verdien is, is nie as nou genoeg verwant beskou nie.

*Shapiro v CIR* (1928) moet in kontras gesien word met *CIR v Drakensberg*

*Hotel (Pty) Ltd* (1960) waar die belastingpligtige aandele gekoop het in 'n maatskappy waarin die belastingpligtige 'n gebou onderverhuur het as deel van sy bedryf. Die hof het beslis dat die rente uitgawe wel aftrekbaar was omdat die doel van die aankoop van die aandele was om beheer oor die verhuurde eiendom te verkry en nie om dividendinkomste te verdien nie.

Rente uitgawes sal ook aftrekbaar wees as die aandele of belang in 'n maatskappy of beslote korporasie bekom word met die doel om die inkomsteproduserende kapasiteit van 'n maatskappy of beslote korporasie te verbeter (*ITC 1641* (1998)). As die doel van die koop van die belang of aandele egter is om ander aandeelhouders of lede uit te skakel, sal die rente uitgawe nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan gewees het nie (*Natal Laeveld Boerdery BK v KBI* (1997)).

Die beginsel wat voortspruit uit *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960) is dat as die belastingpligtige se doel met die koop van die aandele is om die voortgang van inkomste te verseker, sal die rente wat betaal word op die geld wat geleen is om die aandele aan te koop nou genoeg verwant wees aan hierdie doel en sal die rente uitgawe dus aftrekbaar wees. Indien inkomste in elk geval verdien sou gewees het, al word die aandele nie bekom nie, sal die rente uitgawe wat aangegaan word op die geleende geld om die aandele te bekom, nie aftrekbaar wees nie (*ITC 1553* (1989)).

Die feite van *ITC 1428* (1985) het ooreengestem met *Shapiro v CIR* (1928). In *ITC 1428* (1985) het die belastingpligtige, vir die doel om bevorder te word, aandele gekoop en 'n ooreenkoms onderteken waarin die verpligting om die aandele te koop, uiteengesit is. Die hof het beslis, dat in teenstelling met *Shapiro v CIR* (1928) waar die primêre doel van die belastingpligtige was om die aandele te koop en nie om die besturende direkteur te word nie, is die hoofdoel van die belastingpligtige in hierdie saak om 'n verhoogde salaris en bonus te verdien. In *Shapiro v CIR* (1928) het die rente uitgawe ten opsigte van die aankoop van die aandele nie opsigself enige inkomste voortbring wat deur die maatskappy gebruik kon word om die belastingpligtige te

vergoed nie. In *ITC 1428* (1985) het die bedrag wat deur die belastingpligtige betaal is deel gevorm van die bedryfskapitaal van die maatskappy. Die rente uitgawe is dus beskou as nou genoeg verwant aan die verdien van die belastingpligtige se inkomste. *Shapiro v CIR* (1928) is gekritiseer vir die beslissing omdat dit die belastingpligtige se dienste as direkteur was wat sy inkomste voortgebring het. Die belastingpligtige sou nie inkomste in die eerste plek kon verdien het as hy nie die aandele gekoop het nie.

Die feitelike onderskeid in bogenoemde twee sake kan bevraagteken word. Eerstens is dit moeilik om te verstaan, op die basis van dieselfde feite, dat die hof beslis het dat in die een saak die hoofdoel van die belastingpligtige was om die aandele te bekom (*Shapiro v CIR* (1928)) en in die ander saak die hoofdoel was om as direkteur aangestel te word (*ITC 1428* (1985)). Tweedens is die gebruik van die geld deur die maatskappy irrelevant. Die vereiste vir die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe is dat dit by die voortbrenging van die belastingpligtige se inkomste aangegaan moes gewees het, en nie van die maatskappy in wie die aandele bekom is nie (Olivier, 2000: 15).

In *ITC 1504* (1991) het die Spesiale Hof 'n volgende geleentheid gehad om te beslis oor die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe in verband met 'n lening wat aangegaan is vir die aankoop van aandele wat as 'n voorvereiste vir die aanstelling as direkteur gegeld het. Die feite is dat die belastingpligtige 'n lid van 'n vennootskap was waaraan hy bedryfskapitaal moes verskaf. Die bedryfskapitaal is deur rentedraende lenings vanaf derde partye bekom. Gedurende 1976 is die vennootskap aan 'n maatskappy verkoop, die vennootskap is ontbind en die belastingpligtige se netto kapitaal is aan hom terugbetaal. Elke vennoot was verplig om 'n sekere aantal aandele in die nuwe maatskappy te koop om in die maatskappy aangestel te kan word. Die belastingpligtige het die geld gebruik wat deur die ontbinde vennootskap aan hom terugbetaal is en het dus voortgegaan om die geld te leen en die rente aan die derde partye te betaal.

Die hof het beslis dat die doel van die aankoop van die aandele was om die belastingpligtige se huidige inkomste te beskerm en daar is 'n direkte en kousale verband tussen die rente uitgawes wat aangegaan is en die inkomste wat verdien is. Die saak is onderskei van *Shapiro v CIR* (1928) deurdat Shapiro se doel met die koop van die aandele was om beheer oor die maatskappy te verkry, terwyl in *ITC 1504* (1991) die beheer van die maatskappy in die direkteure gevestig het. Die uitspraak van *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960) is gevolg.

Weereens kan die onderskeid in bogenoemde sake bevraagteken word. Eerstens, as aanvaar word dat Shapiro se hoofdoel met die lening was om die aandele te bekom sodat hy beheer oor die maatskappy kan kry, is dit moeilik om te verstaan hoekom die uitspraak in *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960), waar die doel ook was om beheer oor die maatskappy te kry, as meer aanvaarbaar bevind is. Die feit dat beheer oor 'n maatskappy verkry is om die voortgang van inkomste deur bedryfsaktiwiteite te verseker, kan tog nie anders hanteer word as die feit dat beheer oor 'n maatskappy verkry word om as besturende direkteur met 'n verhoogde vergoeding aangestel te word nie.

Tweedens is dit moeilik om te verstaan waarom die blote feit dat Shapiro meer beheer oor die maatskappy gehad het as 'n meerderheidsaandeelhouer en besturende direkteur, die saak onderskei kan word van *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960) waar die belastingpligtige nie in so posisie was nie. As 'n belastingpligtige aandele koop met die doel om in 'n sekere posisie bevorder of aangestel te word, kan die getal aandele wat hy bekom tog nie van kritieke belang wees nie. Die vraag wat gevra moet word, is wat is die doel van die aksie wat die uitgawe veroorsaak het, en of die uitgawe nou genoeg daaraan verwant is. Die aantal aandele wat bekom is, is net relevant om te bepaal of die doel van die transaksie was om beheer te verkry (Olivier, 2000: 17).

In *ITC 1604* (1995) het die belastingpligtige 'n reeks ooreenkomste gesluit waar hy onder meer 'n nege-en-veertig persent belang in 'n beslote

korporasie bekom het en waar hy ook as die besturende direkteur aangestel is. Die winste wat deur die beslote korporasie gemaak sou word, sou nie as dividende verklaar word nie, maar sou deur die lede gedeel word as bonusse wat ten volle in hulle hande belasbaar is. Die koop van die belang is deur die belastingpligtige se eie fondse gefinansier, synde 'n verbandlening oor die eiendom van sy vader. Met geen verwysing na *Shapiro v CIR* (1928), is *ITC 1428* (1985) en *ITC 1504* (1991) as die relevante regspraak gebruik. Die rente uitgawe is as 'n aftrekking toegestaan omdat die koop van die belang nou genoeg verwant was aan die verdien van inkomste by wyse van verhoogde finansiële vergoeding. Die rente uitgawe is derhalwe beskou as by die voortbrenging van inkomste aangegaan te gewees het.

In *ITC 1602* (1995) was die hofbeslissing nie in die guns van die belastingpligtige nie. Die belastingpligtige, 'n lid van 'n beslote korporasie, wou die boerderybedrywighede uitbrei wat deur die korporasie beoefen is, terwyl nie een van die ander lede in uitbreiding belang gestel het nie. Die korporasie het 'n lening aangegaan waarmee die belange van die ander lede uitgekoop is. Die hof het beslis dat tot die mate wat die lening aangewend is deur die korporasie om die lede se belange te koop, die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie, omdat die lening, op sy eie, nie die korporasie se inkomsteproduiserende aktiwiteite verhoog het nie. Tot die mate wat die lening aangewend is om die lede se leningsrekeninge af te betaal, is die rente uitgawe wel as aftrekking toegestaan.

In *Natal Laeveld Boerdery (Edms) Bpk v KBI* (1998) het die belastingpligtige, 'n beslote korporasie, twee lede gehad. Dispute tussen die twee lede het gelei tot 'n ooreenkoms waar die een lid die ander lid se belang sou bekom en dit deur 'n verband oor die eiendom van die korporasie sou finansier. Die hof het beslis dat die primêre doel van die lening is om die dispuut op te los en die een lid se belang te bekom. Die feit dat die korporasie verhoogde inkomste sou verdien as die dispuut uit die weggeruim is, kan bloot gesien word as 'n sekondêre doel. Die rente uitgawe op die lening is dus nie as 'n aftrekking toegestaan nie.

*ITC 1694* (1999) is onderskei van *ITC 1602* (1995) en *Natal Laeveld Boerdery (Edms) Bpk v KBI* (1998). Die belastingpligtige in *ITC 1694* (1999) het sy broer se deel van 'n beslote korporasie gekoop en met 'n lening gefinansier. Die belastingpligtige het die hof oortuig dat sy salaris, vanaf die datum wat sy belang van vyftig persent na honderd persent toegeneem het, ook met honderd persent toegeneem het. Die hof het beslis dat die lening aangegaan is met die doel om die belastingpligtige se inkomste te verseker en ook te verhoog en dat dit nooit die belastingpligtige se doel was om dividende uit sy ledebelang in die korporasie te verdien nie. Hierdie beslissing is bevestig toe die saak op appèl gegaan het in *Mpande Foodliner CC v C: SARS and Others* (2000).

Uit die bogenoemde sake is dit duidelik dat die posisie van die aftrekbaarheid van rente uitgawes aangegaan op 'n lening wat gebruik is om aandele te bekom met die doel om in 'n spesifieke posisie bevorder of aangestel te word nie heeltemal duidelik is nie. Alhoewel *Shapiro v CIR* (1928) gekritiseer is in *ITC 1428* (1985) en *ITC 1504* (1991) waar 'n nou genoeg verband tussen die uitgawe aangegaan en die inkomste voortgebring wel bevind is, het hierdie sake geen bindende effek nie omdat die Spesiale Hof nie 'n bindende hof is nie (Olivier, 2000: 18).

Die korrekte benadering wat gevolg behoort te word om te bepaal of uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, is om die toets soos neergelê deur Watermeyer HR in *Port Elizabeth Electric Tramway Co v CIR* (1936) toe te pas. Die eerste vraag wat gevra moet word is of die doel van die handeling wat die rente uitgawe tot gevolg het, aangegaan is met die doel om inkomste voort te bring. Gebaseer op die feite van elke saak moet dus besluit word of die hoofdoel van die koop van die aandele of belang is om beheer oor die maatskappy te verkry of om in 'n sekere posisie bevorder of aangestel te word om die voortbrenging van inkomste te verhoog. Die tweede vraag wat gevra moet word, is of die rente uitgawe nou genoeg aan hierdie doel verwant is. Die antwoord op die vraag het 'n graadverskil ("matter of

degree”) en kan tot verskillende interpretasies lei (Olivier, 2000: 19).

#### **4.4 LENINGS IN VERBAND MET LEDE SE LENINGSREKENINGS AANGEGAAN**

Wanneer 'n maatskappy geld leen met die doel om dividende te verklaar, kan die rente betaal op so 'n lening nie aftrekbaar wees nie, omdat dit nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie (*ITC 678 (1949)*).

Indien 'n maatskappy 'n dividend verklaar sonder om dit aan die aandeelhouer te betaal en die aandeelhouer se lening met die bedrag krediteer, ontstaan die vraag of die rente wat op die leningsrekening betaal is, aftrekbaar sal wees. Die feit dat die maatskappy nie die dividend betaal nie is gewoonlik te wyte aan die feit dat die maatskappy nie oor die kontant beskik nie.

In *COT v Avenue Buildings (Pty) Ltd (1963)* is beslis dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie omdat dit nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan is nie. Beadle HR het beslis dat die ontstaan van die leningsrekening en die verklaring van die dividend beide deel is van dieselfde transaksie. Omdat die geld geleen is van die aandeelhouders om die dividend te kon verklaar, was die doel van die lening nie om inkomste voort te bring nie.

In *CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd (1993)* is die aftrekking van rente ook nie toegestaan nie, omdat die belastingpligtige se kapasiteit om inkomste voort te bring nie deur die transaksie verhoog is nie. Die enigste resultaat van die transaksie was om die belastingpligtige te belas met 'n ekstra las om rente te betaal, wat 'n afname in sy netto inkomste veroorsaak het.

Een van die mees onlangse sake waarin die probleem aan die lig gekom het, is *CIR v Elma Investments CC (1996)*. Die beslote korporasie het uitkerings aan sy lede gedoen, maar met die voorwaarde dat dit onmiddellik aan die korporasie teruggeleen moet word. Die Kommissaris het die rente uitgawe wat op die leningsrekening betaal is, nie as 'n aftrekking toegestaan nie,



omdat dit aangegaan was om 'n uitkering aan sy lede te finansier en dit was dus nie by die voortbrenging van inkomste nie. Die hof het beslis dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie omdat die doel van die lenings nie was om inkomste voort te bring nie, maar om die toekomstige belastingposisie van die lede te beskerm. Die beslote korporasie is nie deur die skema bevoordeel nie en die skema het 'n addisionele uitgawe vir die beslote korporasie geskep.

In 'n aantal ander sake is die aftrekking van die rente uitgawe op leningsrekening wat ontstaan het uit dividende wat verklaar is, nie toegestaan nie (byvoorbeeld *ITC 1466* (1989) en *ITC 1517* (1990)). In drie ongerapporteerde sake is die aftrekkings van rente wel toegestaan omdat die doel van die lening was om die belastingpligtige in staat te stel om sy besigheid te bedryf deur die dividend as 'n lening te behou (*Saak No 9382* (25 Januarie 1994), *Saak No 9473* (2 Mei 1994) en *Saak No 9753* (2 Februarie 1995)). Twee van hierdie sake is gebaseer op 'n opinie wat in 'n artikel in *The Taxpayer* (1990: 186) gepubliseer is. Ingevolge hierdie siening moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen die verklaring van die dividend aan die aandeelhouders en die ooreenkoms tussen die maatskappy en die aandeelhouders dat die maatskappy die fondse gebruik in ruil vir die betaling van rente. Omdat die lening vir algemene bedryfsdoeleindes aangegaan word, moet die beginsels soos geformuleer in die sake *CIR v Allied Building Society* (1963) en *CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985) gevolg word. Die doel van die lening is die bepalende faktor en nie die uiteindelijke gevolg daarvan nie. Afhangende van die feite van elke saak, is die doel van die kreditering van die dividende na die rentedraende leningsrekening om die fondse in die maatskappy te behou en te gebruik en dit is ook wat die uiteindelijke effek daarvan is.

Die argument is dus dat die verklaring van die dividend en die kreditering van die leningsrekening gesien moet word as twee afsonderlike transaksies. Wanneer na die kreditering van die leningsrekening gekyk word, moet die feit dat die leningsrekening ontstaan as gevolg van die verklaring van 'n dividend nie in ag geneem word nie, omdat hierdie besluit nie geneem is deur die

maatskappy wat die lening aangegaan het nie, maar deur die aandeelhouders (Olivier, 2000: 21).

Die vraag kan gevra word of dit moontlik is om die twee transaksies te skei, en, in die besluit om te bepaal of die rente uitgawe aftrekbaar is, die feit te ignoreer dat die nodigheid vir die lening ontstaan het as gevolg van die aandeelhouders en nie die maatskappy nie. 'n Maatskappy is 'n kunsmatige persoon met geen liggaam of siel nie (*CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* (1956)). Daarom kan 'n maatskappy net byvoorbeeld deur sy direkteure en aandeelhouders optree. Dit is egter nie die aandeelhouders wat die dividend verklaar of die direkteure wat die lening aangaan nie, maar die maatskappy. Maatskappyereg gee nie altyd 'n duidelike antwoord in watter omstandighede die bedoeling van die direkteure in ag geneem moet word en in watter omstandighede die bedoeling van een van sy ander organe in ag geneem moet word nie. In die artikel in *The Taxpayer* (1990: 186) is verwys na die Engelse saak van *Northern Counties Securities v Jackson & Steeple* (1974), waar beslis is dat besluite wat deur 'n maatskappy by 'n algemene vergadering geneem word, die besluite van die lede van die maatskappy is en nie die maatskappy self nie. Die finale beslissing lê egter steeds by die maatskappy (Van Rooyen, 1989: 593). 'n Analise van die Engelse saak, soos aangehaal in die artikel, het ook gewys dat die hof uiteindelik beslis het dat die finale beslissing by die maatskappy lê.

Dit is daarom twyfelagtig of dit moontlik is om die verklaring van die dividend en die aangaan van die lening heeltemal te skei. Die vraag is steeds met watter doel die maatskappy die lening aangegaan het: is dit om 'n dividend te verklaar of is dit om bedryfsaktiwiteite te befonds (Olivier, 2000: 22)?

*De Koker & Urquhart* (2002: 10.3.6) kritiseer ook die nie-aftrekbaarheid van rente betaalbaar op dividende gekrediteer op 'n lid se leningsrekening, omdat dit die ekonomiese realiteite van die situasie ignoreer. Deur die dividend te verklaar, maar nie te betaal nie, is dit steeds vir die maatskappy moontlik om bates aan te wend wat andersins dalk verkoop moes word om die dividend te

kan betaal. Deur nie die dividend te betaal nie, word die kontantvloei van die maatskappy verhoog. 'n Onderskeid moet getref word tussen die handeling van verklaring van die dividend en die metode wat gekies word om die verklaring van die dividend te bewerkstellig. Die verklaring opsigself gee nie aanleiding tot enige belastingimplikasies nie. Die lening stel die maatskappy in staat om sy bates te behou wat hy dalk andersins moes verkoop het en inkomste wat verdien word deur die bates te behou, sal waarskynlik die rentelas oorskry.

Op hierdie basis, sal die rente betaal op geld geleen van 'n derde party om 'n dividend te verklaar ook gesien moet word as aftrekbaar, omdat dit die maatskappy in staat stel om sy bates te behou wat hy andersins moes verkoop het. Die vraag of die rente aftrekbaar is kan nie afhang van of dit van die aandeelhouders of buite party geleen is nie (*ITC 1643 (1998)*). Wat belangrik is, is die doel waarvoor die lening aangegaan is. As die doel is om 'n lening met die aandeelhouders aan te gaan om 'n dividend te verklaar, sal die rente uitgawe op die lening nie aftrekbaar wees nie. As die doel is om bedryfskapitaal te beskerm, sal die rente uitgawe aftrekbaar wees. Die probleem is egter dat as die dividend nie in die eerste plek verklaar word nie, sal dit nie nodig wees om die bedryfskapitaal te beskerm nie. Die hoof- en dominante doel om die lening aan te gaan is dus om die dividend te verklaar. Die verklaring van die dividend is dus die direkte oorsaak van die aangaan van die lening (Olivier, 2000: 23).

Die onus rus op die belastingpligtige om te bewys dat die rente uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan is (artikel 82 van die Inkomstebelastingwet). Waar dit vir die belastingpligtige moontlik is om te bewys dat, nieteenstaande die dividendverklaring, die lening aangegaan is vir algemene bedryfsdoeleindes, sal die aftrekking van die rente uitgawe toegelaat word. 'n Saak wat dit illustreer is *ITC 1643 (1998)*, waar die feite gewys het dat die maatskappy genoeg surplus fondse gehad het om wel die dividend te kon uitbetaal. Die beslissing van die Spesiale Hof in *ITC 1643 (1998)* is ondersteun in *C: SARS v Scribante Construction (Pty) Ltd (2002)*. In

albei hierdie sake moet op die feit gelet word dat die maatskappye wel surplus fondse beskikbaar gehad het om die dividende te betaal. Die uitsprake dui dus nie op 'n verandering in vergelyking met die beslissings in vroeëre sake nie. Dit lyk egter in die meeste gevalle of dit nie vir die belastingpligtige moontlik sal wees om hierdie onus te onthef nie (Olivier, 2000: 24).

#### **4.5 LENINGS VIR PRIVAAT EN HUISHOUDELIKE DOELEINDES AANGEGAAN**

Die aftrekking van uitgawes vir privaat en huishoudelike doeleindes aangegaan word in artikel 23(b) van die Inkomstebelastingwet verbied. Dit is dus nie moontlik om enige rente uitgawes as 'n aftrekking te eis op 'n verbandlening van 'n privaatwoning as dit nie ook deels vir bedryfsdoeleindes gebruik word nie. 'n Belastingpligtige kan ook nie redeneer dat al sy kapitaal gebruik word in sy bedryf en daarom moes hy geld vir sy privaatwoning leen nie (*ITC 829 (1956)*). Die belastingpligtige, 'n prokureur en vennoot in 'n vennootskap, was verplig om 'n sekere bedrag in die vennootskap te belê. Om die koop van sy privaatwoning te finansier, het hy 'n lening aangegaan en gepoog om die rente uitgawe op die lening af te trek van die belasbare inkomste uit die vennootskap. Sy argument was dat die lening op sy privaatwoning gelyk was aan die geld wat hy verplig was om in die vennootskap te belê. Die hof het beslis dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie, omdat die doel van die lening nie by die voortbrenging van inkomste was nie. Teen die tyd wat hy die geld vir sy privaatwoning geleen het, was die geld alreeds in die besigheid.

Indien die belastingpligtige die verbandlening vir bedryfsdoeleindes gebruik het, sou die rente uitgawe toegelaat geword het as aftrekking, aangesien die bepalende vraag is of die lening gebruik is by die voortbrenging van inkomste en nie van watter bron dit kom nie (Olivier, 2000: 25).

In *ITC 1583 (1993)* het die belastingpligtige 'n bedryf as 'n prokureur in 'n vennootskap beoefen en het op sy kapitaalrekening met die vennootskap 'n

kredietbalans gehad. Die belastingpligtige se vrou het 'n uitstaande balans op die verbandlening van haar privaatwoning gehad. Op 28 Februarie 1985 het die vennootskap die balans op die verbandlening uit die belastingpligtige se leningsrekening betaal. Op 30 Januarie 1985 het die belastingpligtige se vrou alreeds aansoek gedoen op haar verbandlening vir die bedrag met die opdrag dat dit vir haar man se vennootskap is. Op 1 Maart 1985 is die geld van die verband aan die vennootskap op haar man se leningsrekening (dieselfde bedrag wat onttrek is) betaal. In effek is die verbandlening verruil vir die leningsrekening in die vennootskap.

Daar was geen dispuut dat die rede vir die skema deur belastingredes gemotiveer is nie. Uit 'n belastingoogpunt is dit onwys om rente te betaal op 'n verbandlening vir 'n privaatwoning wat nie vir belasting aftrekbaar sal wees nie. Die hof het beslis dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie, omdat die rente uitgawe nie nou genoeg verwant is aan die bedryfsaktiwiteite van die belastingpligtige nie en dus nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan nie. Die vervanging van die ou kapitaal met die nuwe geleende kapitaal het nie die vennootskap se inkomste-produiserende vermoë beïnvloed nie en daarom is die lening nie by die voortbrenging van inkomste aangegaan nie. Indien die surplus kapitaal eers aan die belastingpligtige uitbetaal was en later weer vir bedryfsdoeleindes geleen sou word, sou die aftrekking van die rente uitgawe toegestaan gewees het.

*De Koker & Urquhart* (2002: 10.3.6) het die rasionaal van bogenoemde uitspraak gekritiseer. Volgens die skrywers is dit irrelevant dat meer inkomste deur die vennootskap voortgebring moes word nadat die bestaande leningsrekening met die nuwe kapitaal verruil is. As die nuwe kapitaal aangewend is as bedryfskapitaal, moes die rente uitgawe as 'n aftrekking gekwalifiseer het. Die vraag wat egter gevra moet word om te bepaal of die rente uitgawe aftrekbaar is of nie, is of die uitgawe by die voortbrenging van die belastingpligtige se inkomste aangegaan is (en nie die vennootskap se inkomste nie). Die blote feit dat die kapitaal nie tot die voortbrenging van die vennootskap se inkomste gelei het nie, is irrelevant.

'n Ander punt van kritiek is dat die sake wat aangehaal is as ondersteuning vir die feit dat die rente uitgawe nie aftrekbaar was nie, nie regtig relevant is nie. In beide *ITC 241* (1932) en *ITC 829* (1956) het die prokureurs gepoog om rente uitgawes as 'n aftrekking te eis wat betaalbaar was op hulle onderskeie verbandlenings op die basis dat hulle verplig was om bedryfskapitaalrekeninge in hulle vennootskappe in stand te hou. Dit is korrek dat die aftrekkings nie in hierdie sake toegestaan is nie, omdat die doel van die lenings nie was om inkomste voort te bring nie, maar om hulle privaatwoning te finansier (Vorster, 1995: 751).

'n Interessante punt wat nooit opgehaal is nie, is die rentekoers wat die belastingpligtige op sy leningsrekening ontvang het. As dit hoër was as die rente wat hy betaal het aan die bank, sal die rente uitgawe aftrekbaar gewees het op die basis van Praktyknota 31 (soos bespreek in Hoofstuk 2). As die rentekoers baie laer was, sal dit nie noodwendig beteken dat die rente uitgawe nie aftrekbaar is nie. Die belastingpligtige was verplig om kapitaal in die vennootskap te behou. Soos aangedui, is dit irrelevant van watter bron die kapitaal kom. Die blote feit dat die lening self nie inkomste voortbring nie, omdat die rente wat daarop betaal is hoër is as die rente wat ontvang is, is nie die bepalende faktor of die rente uitgawe aftrekbaar is nie (Olivier, 2000: 27). Verder is dit nie 'n vereiste dat die uitgawe inkomste moet voortbring nie, maar net dat die uitgawe aangegaan moet wees met die doel om inkomste voort te bring (*Sub-Nigel Ltd v CIR* (1948)).

Die riglyne in *ITC 1583* (1993) is nie in *CIR v DG Smith* (1997) gevolg nie, alhoewel die feite dieselfde was. *CIR v DG Smith* (1997) is die appèl teen die beslissing in *ITC 1603* (1995). Die vennootskap in hierdie saak het 'n gedeelte van die belastingpligtige se leningsrekening op 26 Februarie 1988 terugbetaal. Die belastingpligtige het toe die geld gebruik om sy verbandlening op sy privaatwoning af te betaal. Op 1 Maart 1988 is 'n lening op dieselfde verband deur die bank toegestaan. Die bedrag is toe deur die belastingpligtige in sy kapitaalrekening by die vennootskap inbetaal. Die hof

het beslis dat die rente uitgawe wel aftrekbaar was, omdat dit nou genoeg verwant was aan die belastingpligtige se bedryfsaktiwiteite. 'n Belastingpligtige is vry om geld te leen om sy inkomste-produiserende aktiwiteite te finansier, selfs al het hy surplus kontant beskikbaar om dit te finansier. Die blote feit dat 'n belastingvoordeel die belastingpligtige se besluit beïnvloed, kan nie enige invloed op die aftrekbaarheid van die uitgawe hê nie (*Burgess v CIR* (1993)).

Die enigste vraag wat gevra moet word, wat 'n feitevraag is, is of die betaling van die rente uitgawe by die voortbrenging van inkomste gemaak is. Die korrektheid van die uitspraak in *ITC 1583* (1993) is bevraagteken in soverre die toets vir die aftrekbaarheid van rente onderhewig gemaak is aan of die vervanging van die ou kapitaal deur die nuwe kapitaal 'n impak op die vennootskap se inkomste-produiserende vermoë gehad het. Die hof was egter nie bereid om te sê dat die beslissing in *ITC 1583* (1993) verkeerd was nie en het die saak onderskei op die basis dat die vennote ooreengekom het dat die kapitaal nie permanent in die vennootskap sou bly nie, maar terugbetaal sou word so gou as wat dit vir die vennootskap finansiële moontlik was. Op daardie tydstip het die vennootskap dit moontlik gevind om voort te gaan met sy inkomste-produiserende aktiwiteite sonder die geleende kapitaal van die vennote. Alhoewel die kapitaal binne 'n paar dae terugbetaal is, het die feite getoon dat die vennootskap wel kon voortgaan met sy bedryfsaktiwiteite vir 'n aantal weke deur sy oortrokke fasiliteite te benut (*The Taxpayer*, 1999: 114).

Hierdie feitelike onderskeid kan bevraagteken word. Alhoewel die feite in *ITC 1583* (1993) nie aangedui het dat die vennote ooreengekom het dat die kapitaal nie vir altyd in die vennootskap hoef te bly nie, is dit nie vir die doeleindes van die beslissing in ag geneem nie (Olivier, 2000: 28).

Wat betref die rente uitgawes aangegaan op lenings vir die doeleindes soos hierbo bespreek, is die posisie in verband met rente betaal op verbandlenings aangegaan vir bedryfsdoeleindes egter onseker. Wat wel seker is, is dat

rente betaal op 'n verbandlening wat aangegaan is om aanvanklik kapitaal in 'n praktyk te stort, wel aftrekbaar sal wees. As die belastingpligtige egter later besluit om sy verbandlening te verruil vir 'n lening op die kapitaalrekening, mag die rente wat betaal word nie aftrekbaar wees nie, alhoewel geen geregtelike regverdiging vir die nie-aftrekbaarheid daarvan bestaan nie. Die indruk word geskep dat die feit dat die skema in *ITC 1583* (1993) deur 'n belastingvoordeel gemotiveer is, 'n rol gespeel het in die beslissing oor die aftrekbaarheid van die rente uitgawe. 'n Belastingvoordeel is egter nie 'n faktor wat in ag geneem behoort te word as die aftrekbaarheid van 'n uitgawe beoordeel word nie (*Burgess v CIR* (1993)).

#### 4.6 GEVOLGTREKKING

Wanneer gekyk word na die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe ten opsigte van 'n lening wat vir algemene bedryfsdoeleindes aangegaan is, is die bepalende faktor die oorspronklike doel van die lening (*Producer v COT* (1948) en *Financier v COT* (1950)). In 'n aantal hofsake (byvoorbeeld *CIR v Allied Building Society* (1963) en *CIR v Standard Bank of South Africa Ltd* (1983)) is beslis dat die uiteindelijke aanwending of bestemming van die fondse wat geleen word nie die bepalende faktor is om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te bepaal wanneer geld vir 'n algemene bedryfsdoel geleen word nie, omdat daar faktore is wat die duidelike kousale verband tussen die doel van die lening en wat dit uiteindelik tot stand bring, verhoed.

Rente wat betaal word op geld wat geleen is om aandele of 'n belang te koop sal slegs nie-aftrekbaar wees indien die doel van die koop van die aandele of belang is om dividende te verdien (wat vrygestelde inkomste is). Daar bestaan heelwat teenstrydige regspraak oor hierdie onderwerp (byvoorbeeld die uitspraak in *Shapiro v CIR* (1928) in vergelying met die uitspraak in *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960)). Die korrekte benadering wat egter gevolg behoort te word om te bepaal of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, is om die toets soos neergelê deur Watermeyer AR in *Port Elizabeth Electric Tramway Co v CIR* (1936) toe te pas. Die eerste



vraag wat gevra moet word is of die doel van die handeling wat die rente uitgawe tot gevolg het, aangegaan is met die doel om inkomste voort te bring. Gebaseer op die feite van elke saak moet dus besluit word of die hoofdoel van die koop van die aandele of belang is om beheer oor die maatskappy of beslote korporasie te verkry of om in 'n sekere posisie bevorder of aangestel te word om die voortbrenging van inkomste te verhoog. Die tweede vraag wat gevra moet word, is of die rente uitgawe nou genoeg aan hierdie doel verwant is. Die antwoord op die vraag het 'n graadverskil ("matter of degree") en kan tot verskillende interpretasies lei (Olivier, 2000: 19).


Indien 'n maatskappy 'n dividend verklaar sonder om dit aan die aandeelhouer te betaal en die aandeelhouer se lening met die bedrag krediteer, ontstaan die vraag of die rente uitgawe wat op die leningsrekening betaal word, aftrekbaar sal wees. Die feit dat die maatskappy nie die dividend betaal nie, is gewoonlik te wyte aan die feit dat die maatskappy nie oor die kontant beskik nie. Die onus rus op die belastingpligtige om te bewys dat die rente uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan is (artikel 82 van die Inkomstebelastingwet). Waar dit vir die belastingpligtige moontlik is om te bewys dat, nieteenstaande die dividendverklaring, die lening aangegaan is vir algemene bedryfsdoeleindes en dat die maatskappy genoeg surplus fondse gehad het om wel die dividend te kon betaal, behoort die aftrekking van die rente uitgawe toegelaat te word (*C: SARS v Scribante Construction (Pty) Ltd* (2002)).

Die aftrekking van uitgawes aangegaan vir privaat en huishoudelike doeleindes word in artikel 23(b) van die Inkomstebelastingwet verbied. Indien 'n belastingpligtige egter sy verbandlening oor sy privaatwoning vir bedryfsdoeleindes gebruik, behoort die rente uitgawe toegelaat te word as 'n aftrekking, aangesien die bepalende faktor is of die lening by die voortbrenging van die belastingpligtige se inkomste aangewend is (Olivier, 2000: 25).

Uit die bespreking van bogenoemde scenario's kan daar 'n enkele faktor

uitgelig word wat in elke scenario deur die howe oorweeg is om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te beoordeel, en dit is wat die oorspronklike doel van die lening is wat die rente uitgawe tot gevolg gehad het. Indien die lening met die doel om inkomste voort te bring aangegaan is, sal die rente uitgawe op die lening aftrekbaar wees.


Vervolgens gaan daar ondersoek ingestel word na watter faktore sal lei tot 'n verandering in die oorspronklike doel van 'n lening en wat die effek op die aftrekbaarheid van die rente vir inkomstebelastingdoeleindes sal wees.



## HOOFSTUK 5

### VERANDERING IN DOEL VAN 'N LENING EN DIE EFFEK OP DIE AFTREKBAARHEID VAN RENTE VIR INKOMSTEBELASTINGDOELEINDES

5.1	INLEIDING	59
5.2	SAKE WAAR DAAR 'N VERANDERING IN DIE OORSPRONKLIKE DOEL VAN DIE LENING EN 'N VERANDERING IN AANWENDING VAN DIE LENING WAS	60
5.3	GEVOLGTREKKING	62



## HOOFSTUK 5

### VERANDERING IN DOEL VAN 'N LENING EN DIE EFFEK OP DIE AFTREKBAARHEID VAN RENTE VIR INKOMSTEBELASTINGDOELEINDES

#### 5.1 INLEIDING

Waar fondse in die algemeen geleen word vir besigheidsdoeleindes en waar daar nie 'n identifiseerbare band bestaan tussen die fondse wat geleen is en die fondse wat by die voortbrenging van belastingvrye of nie-belasbare inkomste aangewend is nie, is die oorspronklike doel van die lening die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te beoordeel (De Koker, 2003: 7.34).

Artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet vereis dat die bedoeling van die belastingpligtige met die aangaan van die uitgawe duidelik geïdentifiseer moet word en dat hierdie doel oorheersend moet wees, tensy 'n tussentredende faktor ontstaan wat duidelik die lening met die nie-voortbrenging van inkomste verbind (*Sub-Nigel Ltd v CIR* (1948)).

Die oorspronklike doel van 'n lening sal dus bly voortbestaan as die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van rente uitgawe te bepaal, behalwe as daar 'n definitiewe aanduiding is dat die verband tussen die oorspronklike lening en die manier waarop die fondse aangewend is, verbreek is (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).

In *Producer v COT* (1948) het die hof beslis dat waar 'n belastingpligtige 'n spesifieke som geld leen en dit aanwend vir 'n doel wat nie by die voortbrenging van inkomste is nie, sal die rente uitgawe nie as aftrekking toegestaan word nie. Daar is ook verder beslis dat waar 'n belastingpligtige vir goeie en grondige redes geld vir sy besigheid in die algemeen leen en hy

die geld vir 'n regverdigte besigheidsdoel in 'n transaksie gebruik wat nie inkomste voortbring nie, sal die rente uitgawe op die lening steeds aftrekbaar wees. Die hof het bevind dat die faktor wat oorweeg moet word om te bepaal of die rente uitgawe aftrekbaar sal wees, die doel is waarvoor die lening aangegaan is (ook so beslis in *Financier v COT* (1950)). In *Producer v COT* (1948) kon daar nie 'n direkte verband tussen die oorspronklike lening en die aanwending by die nie-voortbrenging van inkomste gevind word nie en daarom was die oorspronklike doel van die lening die bepalende faktor. Waar dit nie moontlik is om 'n direkte verband te bepaal tussen die doel waarvoor die geld geleen is en waarvoor dit werklik aangewend is nie, rus die onus op die belastingpligtige om te bewys dat die geld by die voortbrenging van inkomste aangewend is en die rente uitgawe dus aftrekbaar is. Die doel waarvoor die lening aangegaan word sal dus altyd die belangrikste faktor wees. Die uiteindelijke gebruik van die geld is gewoonlik van minder belang, behalwe as daar 'n duidelike verband bestaan tussen die geld wat geleen word en die aanwending daarvan waar daar nie inkomste voortbring is nie (*CIR v Allied Building Society* (1963)).

Die moontlikheid bestaan egter ook dat die oorspronklike doel waarvoor die lening aangegaan is, kan verander en dat dit 'n effek op die aftrekbaarheid van die rente kan hê. Die oorspronklike doel van die lening, en daarmee saam die aftrekbaarheid al dan nie van die rente uitgawe, sal bly voortbestaan totdat die doel waarvoor die lening aangegaan is ophou om te bestaan of die geleende geld met 'n ander doel geassosieer of verbind kan word (Meyerowitz, 2003: 13.24).

## **5.2 SAKE WAAR DAAR 'N VERANDERING IN DIE OORSPRONKLIKE DOEL VAN DIE LENING EN 'N VERANDERING IN AANWENDING VAN DIE LENING WAS**

In *ITC 953* (1961) het die belastingpligtige geld geleen en gebruik om 'n rentevrye lening te verskaf. Die belastingpligtige het later weer die geld ingevorder en by die voortbrenging van inkomste aangewend. Die hof het

beslis dat die rente uitgawe aftrekbaar geword het van die oomblik wat die geld by die voortbrenging van inkomste aangewend is. Die oorspronklike doel, wat nie by die voortbrenging van inkomste was nie, kon nie bly voortbestaan nie, omdat daar 'n duidelike nuwe en vars aanwending van die fondse was.

In *ITC 1171* (1971) was die belastingpligtige 'n algemene handelaar wat voortgegaan het om rente te betaal op 'n lening nadat hy reeds opgehou het om sy bedryf te beoefen. Die hof het beslis dat die besluit van die belastingpligtige om sy fondse te behou wat hy geleen het met die doel om in sy bedryf te gebruik, 'n besluit is wat van dag-tot-dag gemaak kon word en dat die fondse nie meer verbind kon word aan die beoefening van sy bedryf nie, omdat hy sy bedryf gestaak het. Die verpligting om rente te betaal loop op 'n dag-tot-dag basis op en die verpligting bly voortbestaan vir solank die belastingpligtige besluit om die geld te leen. Dit blyk dat die gebeurtenis wat daartoe gelei het dat die oorspronklike doel van die lening opgehou het om te bestaan, die staking van die bedryf was. *ITC 1171* moet dus in teenstelling met *Producer v COT* (1948) gesien word, omdat in *Producer v COT* (1948) daar net 'n verandering in die aanwending of gebruik van die geld was. Die verandering in die aanwending van die fondse kan nie alleen daartoe bydra dat rente nie meer aftrekbaar is nie.

Hierdie gevolgtrekking word deur Tager ondersteun (Tager, 1976: 29). Volgens Tager het daar probleme in sake ontstaan waar 'n maatskappy geld geleen het vir geldige besigheidsdoeleindes (waar die rente uitgawe aftrekbaar sou wees) en dan op 'n later stadium, wanneer winste geakkumuleer is, in plaas daarvan om die lening af te betaal met die geakkumuleerde winste, die geleende fondse aan te wend vir doeleindes wat nie inkomste voortbring nie. Daar is geen verpligting op die maatskappy om sy surplus fondse te gebruik om sy geleende fondse af te betaal nie. 'n Maatskappy is daarop geregtig om sy geld ongebruik te laat lê. As die maatskappy sy winste aanwend om rentevrye lenings toe te staan, word die reg om die rente uitgawe op geleende fondse af te trek, nie aangetas nie,

omdat daar nie 'n direkte verband tussen die oorspronklike doel waarvoor die geleende fondse aangegaan is en die bestaan van die rentevrye lenings bestaan nie.

In *ITC 1553* (1989) was die belastingpligtige 'n maatskappy wat 'n lening aangegaan het om aandele in 'n ander maatskappy te bekom en moes toe op 'n later stadium die eerste lening afbetaal in ruil vir 'n nuwe lening. Albei lenings het rente gedra. Die hof het beslis dat die aftrekbaarheid van rente op die nuwe lening bepaal moet word met verwysing na die doel waarmee die ou lening aangegaan is. Die rente betaalbaar op die nuwe lening wat aangegaan is met die doel om die ou lening af te betaal, sal aftrekbaar wees indien die ou lening aangegaan was met die doel om inkomste voort te bring en die rente op die ou lening aftrekbaar was.


In *ITC 1500* (1990) was die belastingpligtige 'n maatskappy wat sy vaste bates herwaardeer het en die ongerealiseerde wins, saam met sy ander reserves, as dividend aan sy aandeelhouer verklaar het. Die dividend is nie betaal nie maar op leningsrekening met die aandeelhouer geplaas waarop die belastingpligtige rente betaal het. Die Spesiale Hof het beslis dat die rente uitgawe aftrekbaar was en die saak het op appèl gegaan as *CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993). Die hof het bevind dat die lening aangegaan was met die doel om die dividend te betaal en dat die rente dus nie aftrekbaar was nie. Die hof het bepaal dat selfs al was daar 'n verandering in die aanwending van die fondse wat geleen is, sal die oorspronklike doel waarvoor die fondse geleen is bly voortbestaan, behalwe as daar 'n definitiewe aanduiding is dat die verband met die oorspronklike doel nie meer bestaan nie.

### **5.3 GEVOLGTREKKING**

Die oorspronklike doel waarmee die lening aangegaan is, sal bly voortbestaan as die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te bepaal, behalwe as daar 'n definitiewe aanduiding is dat die verband tussen die oorspronklike lening en die manier waarop die fondse aangewend is,

verbreek is (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).

'n Definitiewe aanduiding dat die verband tussen die oorspronklike doel van die lening en die manier waarop die fondse aangewend is, verbreek is, impliseer dat die belastingpligtige moet kan bewys dat die omstandighede wat die verandering in gebruik van die lening omring, 'n fundamentele verandering in gebruik is. Daar moet bewyse wees van buite faktore, behalwe 'n blote verandering in gebruik, wat aandui dat die oorspronklike doel van die lening gewysig is. So 'n gewysigde doel kan nie ontstaan bloot omdat daar 'n verandering in die gebruik van die geleende geld was nie (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).






## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1	INLEIDING	65
6.2	OPSOMMING VAN GEVOLGTREKKINGS	65
6.3	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING	67



## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

#### 6.1 INLEIDING

Die Inkomstebelastingwet bevat nie spesiale bepalings wat spesifiek handel oor die aftrekbaarheid van rente nie. Rente uitgawes kan daarom net as 'n aftrekking geëis word as dit voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die algemene aftrekkingsformule vervat in artikel 11(a), saamgelees met artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet.

Die studie het eerstens ten doel om ondersoek in te stel na hoe die howe die toets van die doel van 'n lening gebruik om vas te stel of die aftrekbaarheid van rente aan die statutêre vereistes, soos uiteengesit in die Inkomstebelastingwet, voldoen. Vervolgens is ondersoek ingestel na welke faktore die howe oorweeg het om te bepaal of daar 'n verandering in die doel van 'n lening ingetree het en die effek wat die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes kan hê.

#### 6.2 OPSOMMING VAN GEVOLGTREKKINGS

Die algemene inleiding tot artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet bepaal eerstens dat 'n belastingpligtige 'n bedryf moet beoefen. Om te bepaal of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen, moet 'n objektiewe toets op die feite van elke saak toegepas word (*CIR v Stott* (1928)). Die begrip "bedryf" is bedoel om enige winsgewende aktiwiteit in te sluit en moet die wydste moontlike betekenis gegee word (*ITC 770* (1953)). Die objektiewe toets kan egter soms ontoereikend wees as daar geen winsgewende aktiwiteite is nie en dan moet daar eerder na die belastingpligtige se doel met die beoefening van die bedryf gekyk word. As die hoofdoel van die belastingpligtige is om inkomste voort te

bring, kan dit 'n aanduiding wees dat hy 'n bedoeling het om 'n bedryf te beoefen.

Die tweede vereiste in die inleiding van artikel 11(a) van die Inkomstebelastingwet, is dat 'n uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan moet wees om as 'n aftrekking te kwalifiseer. Die hof het in verskeie sake beslis dat inkomste nie in werklikheid voortgebring hoef te word nie, maar die belastingpligtige moet die bedoeling hê om inkomste voort te bring (byvoorbeeld *COT v BSA Co Investments Ltd* (1966) en *ITC 697* (1950)). Die vernaamste toets om te bepaal of 'n uitgawe by die voortbrenging van inkomste aangegaan is, is neergelê in *Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936). Die doel van die handeling wat die uitgawe meebring moet ondersoek word en as die doel is om inkomste voort te bring, sal die gepaardgaande uitgawe as 'n aftrekking geëis kan word. Verder moet die uitgawe so nou verwant wees aan die bedryfsaktiwiteit dat dit as deel van die koste om die onderneming te bedryf, beskou kan word.

Dit blyk uit regspraak dat die toets vir "by die voortbrenging van inkomste" streng toegepas word. As daar alleen maar 'n geringe verband tussen die uitgawe en die belastingpligtige se bedryf bestaan, sal die uitgawe nie as 'n aftrekking toegestaan word nie (*ITC 128* (1928)). Indien 'n rente uitgawe met meer as een doel aangegaan word (by die voortbrenging van belasbare en nie-belasbare inkomste of by die beoefening van 'n bedryf, al dan nie), kan 'n toedeling van die rente uitgawe op grond van artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet gemaak word. Indien die verband tussen 'n rente uitgawe en die voortbrenging van nie-belasbare inkomste egter nie nou genoeg is nie, word geen toedeling ingevolge artikel 23(g) en 23(f) van die Inkomstebelastingwet gemaak nie (*CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985)). Indien 'n verband egter wel identifiseerbaar is, sal 'n toedeling van die rente uitgawe gemaak kan word (*C: SARS v 121 Castle Street Cape Town CC* (2002)).

Dit blyk uit die bestudering van verskeie regsprake oor verskeie doeleindes

waarvoor lenings aangegaan is dat daar een enkele faktor uitgelig kan word wat in elke scenario deur die howe oorweeg is om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te beoordeel, en dit is die oorspronklike doel waarvoor die lening aangegaan is wat die rente uitgawe tot gevolg gehad het. Indien die lening met die doel om inkomste voort te bring aangegaan is, sal die rente uitgawe op die lening aftrekbaar wees.

Die oorspronklike doel waarmee die lening aangegaan is, sal bly voortbestaan as die bepalende faktor om die aftrekbaarheid van die rente uitgawe te bepaal, behalwe as daar 'n definitiewe aanduiding is dat die verband tussen die oorspronklike lening en die manier waarop die fondse aangewend is, verbreek is (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).

'n Definitiewe aanduiding dat die verband tussen die oorspronklike doel van die lening en die manier waarop die fondse aangewend is, verbreek is, impliseer dat die belastingpligtige moet kan bewys dat die omstandighede wat die verandering in gebruik van die lening omring, 'n fundamentele verandering in gebruik is. Daar moet bewyse wees van buite faktore, behalwe 'n blote verandering in gebruik, wat aandui dat die oorspronklike doel van die lening gewysig is. So 'n gewysigde doel kan nie ontstaan bloot omdat daar 'n verandering in die gebruik van die geleende geld was nie (*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993)).


### **6.3 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING**

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die faktore wat die howe oorweeg om te bepaal:

- (a) of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen;
- (b) of rente uitgawes by die voortbrenging van inkomste aangegaan is;  
en
- (c) wat die effek van die verandering in die doel van 'n lening op die aftrekbaarheid van rente vir inkomstebelastingdoeleindes is.

Voortspruitend hieruit word die volgende onderwerpe vir verdere navorsing voorgestel:

- (a) Die vereiste dat rente uitgawes nie van 'n kapitale aard moet wees nie. Die vraag is al deur die howe gevra of die feit dat rente uitgawes soms met die koop van 'n kapitaal bate geassosieer kan word, die rente uitgawe kapitaal van aard maak (*CIR v Genn* (1955)), maar die vraag is nog nie beantwoord nie. Die algemene praktyk van die Ontvanger dui daarop dat hy nie die aard van rente uitgawes bevraagteken nie (Tsatsawane, 2001: 131); en
- (b) Die aftrekbaarheid van 'n rente uitgawe op 'n lening wat gebruik is om aandele in 'n maatskappy of 'n belang in 'n beslote korporasie te bekom met die doel om in 'n spesifieke posisie bevorder of aangestel te word. Daar is 'n hele aantal hofsake wat oor hierdie onderwerp handel en wat teenstrydige uitsprake het (byvoorbeeld *Shapiro v CIR* (1928) in vergelyking met *CIR v Drakensberg Hotel (Pty) Ltd* (1960)).



## BRONNELYS

### LYS VAN BOEKE EN TYDSKRIFTE

De Koker, A. 2003. *Silke on South African Income Tax*. Kaapstad: Butterworths.

De Koker & Urquhart. 2002. *Income Tax in South Africa*. Durban: Butterworths.

Huxham, K. & Haupt, P. 2003. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. Kaapstad: H&H Publications.

Tager, L. 1976. The deduction of interest payments for income tax purposes. *South African Law Journal*, **93**, 12-45.

*Taxpayer*. 1990. Interest charged by shareholders or members on dividends credited to their loan accounts. **39**(10), Oktober, 186-190.

*Taxpayer*. 1999. Income tax: partner withdrawing his capital and borrowing money to replace the withdrawn amount – whether interest on the borrowed money deductible. **48**(6), June, 114-120.

Tsatsawane, K. 2001. The deductibility of expenditure in the form of interest. *Juta's Business Law*, **9**(3), 126-132.

Van Rooyen. 1989. Enkele perspektiewe oor die reel dat die lede van 'n maatskappy hul stemreg na wens kan uitoefen en die ongeldigheid van meerderheidsbesluite weens magsmisbruik. *TSAR*, 593.

Vorster. 1995. Attorneys, capital accounts and interest deductions. *De Rebus*, 751.

## NAVORSINGSVERSLAE

Olivier, L. 2000. *The deductibility of interest – a problem unresolved?*  
Ongepubliseerde navorsingsverslag. Universiteit van Kaapstad, 24 Junie.

## SUID-AFRIKAANSE HOFBESLISSINGS

*Burgess v CIR* (1993, 55 SATC 185(A))

*CIR v Allied Building Society* (1963 (4) SA 1(A), 25 SATC 343)

*CIR v DG Smith* (1997, 60 SATC 397)

*CIR v Drakensberg Garden Hotel (Pty) Ltd* (1960 (2) SA 475(A), 23 SATC 251)

*CIR v Elma Investments CC* (1996, 58 SATC 295)

*CIR v G Brollo Properties (Pty) Ltd* (1993, 56 SATC 47(A))

*CIR v Genn & Co (Pty) Ltd* (1955 (3) SA 293(A), 20 SATC 113)

*CIR v Ineson* (1980 (3) SA 852(A), 42 SATC 125)

*CIR v Lever Brothers & Unilever Ltd* (1946 AD 441, 14 SATC 1)

*CIR v Nemojim (Pty) Ltd* (1983 (4) SA 935(A), 45 SATC 241)

*CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* (1956 (1) sa 602 (A), 20 SATC 355)

*CIR v Standard Bank of SA Ltd* (1985 (4) SA 485(A), 47 SATC 179)

*CIR v Stott* (1928 AD 252, 3 SATC 253)

*Commissioner: SARS v 121 Castle Street Cape Town CC* (2001, 63 SATC 185)

*Commissioner: SARS v Scribante Construction (Pty) Ltd* (2002, 64 SATC 379)

*COT v Avenue Buildings (Pty) Ltd* (1963 (4) SA 954(SR), 25 SATC 366)

*COT v BSA Co Investments Ltd* (1966 (1) SA 530(SRAD), 28 SATC 1)

*COT v Cathcart* (1965 (1) SA 507 (SRAD), 27 SATC 1)

*Financier v COT* (1950 (3) SA 294(SR), 17 SATC 34)

*Hyett (Inspector of Taxes) v Lennard* (1940 2 KB 180, 3 All ER 133)

*IRC v The Falkirk Iron Co Ltd* (1940, 17 TC 625)

*ITC 19* (1924, 1 SATC 30 (C))



*ITC 46* (1925, 2 SATC 119 (NA))

*ITC 112* (1928, 4 SATC 61(U))

*ITC 128* (1928, 4 SATC 127(U))

*ITC 224* (1931, 6 SATC 156(U))

*ITC 241* (1932, 6 SATC 365(U))

*ITC 352* (1936, 9 SATC 80 (U))



*ITC 411* (1938, 10 SATC 238(U))

*ITC 490* (1941, 12 SATC 72 (U))

*ITC 607* (1945, 14 SATC 366 (U))

*ITC 665* (1948, 16 SATC 127 (TA))

*ITC 678* (1949, 16 SATC 348(TA))

*ITC 697* (1950, 17 SATC 93 (T))

*ITC 729* (1951, 18 SATC 96 (N))

*ITC 770* (1953, 19 SATC 216)

*ITC 829* (1956, 21 SATC 199(C))

*ITC 881* (1959, 23 SATC 237 (T))



*ITC 882* (1959, 23 SATC 239 (T))

*ITC 928* (1961, 24 SATC 325(F))

*ITC 953* (1961, 24 SATC 552(F))

*ITC 984* (1961, 25 SATC 59 (C))

*ITC 1013* (1963, 25 SATC 321 (F))

*ITC 1029* (1963, 26 SATC 54 (F))

*ITC 1135* (1969, 31 SATC 228)

*ITC 1171* (1971, 34 SATC 80(C))

*ITC 1199* (1973, 36 SATC 16)

*ITC 1212* (1974, 36 SATC 108)

*ITC 1428* (1985, 50 SATC 34(C))

*ITC 1466* (1989, 52 SATC 25(EC))

*ITC 1500* (1990, 53 SATC 272(T))

*ITC 1504* (1991, 53 SATC 349(C))

*ITC 1517* (1990, 54 SATC 109(N))

*ITC 1553* (1989, 55 SATC 105)

*ITC 1583* (1993, 57 SATC 58)

*ITC 1602* (1995, 58 SATC 205)

*ITC 1603* (1995, 58 SATC 212)

*ITC 1604* (1995, 58 SATC 263)

*ITC 1641* (1998, 60 SATC 493)

*ITC 1643* (1998, 61 SATC 12)

*ITC 1675* (1998, 62 SATC 219)



*ITC 1694* (1999, 63 SATC 127 (C))

*Local Investments Co v COT* (1958 (3) SA 34 (SR), 22 SATC 4)

*Mpande Foodliner CC v Commissioner: SARS* (2000 (4) SA 1048 (T), 63 SATC 191)

*Natal Estates Ltd v SIR* (1975 (4) SA 177 (A), 37 SATC 193)

*Natal Laeveld Boerdery BK v KBI* (1997, 60 SATC 81)

*New State Areas Ltd v CIR* (1946 AD 610, 14 SATC 155)

*Port Elizabeth Electric Tramway Co Ltd v CIR* (1936 CPD 241, 8 SATC 13)

*Producer v COT* (1948 (4) SA 230(SR), 15 SATC 405)

*Reef Estates Ltd v CIR* (1954 (2) SA 593(T), 19 SATC 153)

*Schulze v SW Bensted (Surveyor of Taxes)* (1915, 7 TC 30)

*Shapiro v CIR* (1928 NLR 436, 4 SATC 29)

*SIR v Guardian Assurance Holdings (SA) Ltd* (1976 (4) SA 522(A), 38 SATC 111)

*Smith v Anderson* (1880, 15 ChD 247)

*Solaglass Finance Company (Pty) Ltd v CIR* (1991 (2) SA 257 (A), 53 SATC 1)

*Stephan v CIR* (1919 WLD 1, 32 SATC 54)

*Sub-Nigel Ltd v CIR* (1948 (4) SA 580(A), 15 SATC 381)

*Tickin Timbers CC v CIR* (1999 4 All SA 192 (A), 61 SATC 399)

## **WETGEWING**

Republiek van Suid-Afrika. *Inkomstebelastingwet*, no. 58 van 1962.

